

# NWU & U

AS ALUMNI

ALUMNItydskrif

Ons lei  
die "coolste"  
onnies op

*Vat hande*  
om uitdagings te oorkom

**ONTMOET DIE RAAD  
SE NUWE LEIERS**



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT



# IN



**VOORBLAD:**

Mnr Leoka Mphuthi se graad 5-leerders is aangehaal dat hulle gesê het hy is die "coolste" onderwyser in Laerskool Vastrap in Rustenburg. Saam met hom is mnr Johan Benade, 'n kollega.



# WOU

8



26



12



28

## REDAKSIONEEL

- Boodskap van die visekanselier 4
- Verandering is hier om te bly 5
- NWU-kundiges ken hul storie 6
- Dit kom van ver af 6

## NUUS

- Pak uitdagings saam aan 7
- NWU Raad: nuwe leiers aan die stuur 8
- Toekennings wag op alumni 11
- Opname lei tot toekennings vir Loopbaansentrum 11
- Spring op die 2015-“PRETBUS” 12
- Aspoestertjieplant: pas aan of vergaan 14
- Bou 'n besigheid – één was op 'n slag 16
- Kampusnuus 18

## PROFIELE

- Leer om die rande te rek 21
- Van hofordonnans tot advokaat: 'n geloofsprong 22
- 'n Voorbeeld vir die volgende geslag 24
- Dié “liefeling” wys dat sprokies waar kan word 26
- Volg in 'n wyse man se voetspore 28
- Van skooljuffrou tot skaapskeerder 30
- Sy voetspore lê wyd 32

## ARTIKELS

- Trek jy aan of stoot jy weg? 36
- Navorsers plaas Fanagalo in die kollig 38

### REDAKSIONELE SPAN:

Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse.

### BLADUITLEG:

Studio Chatnoir: Mercia Venter.

### DRIUKWERK:

Sun Media.

### FOTOGRAFIE:

NWU-kollegas en -diensverskaffers.

### VIR VERDERE NAVRAE/ KORRESPONDENSIE:

Nelia Engelbrecht  
Tel 018 299 4937  
Faks 086 614 3222

Die *NWU & U* word deur die Institusionele Bevordering-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Dit word hoofsaaklik in elektroniese formaat versprei, behalwe in gevalle waar ons nie geldige e-pos-adresse van alumni het nie.



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE BOPHIRIMA  
HOORDES-UNIVERSITEIT



## *Boodskap van* **die visekanselier**

*Beste alumnus,*

**WANNEER JY HIERDIE** boodskap lees, sal die belangrikste elemente van die strategieërsieningsproses by die NWU waarskynlik reeds afgehandel wees, en het die Raad reeds daarvoor beraadslaag tydens hul vergadering in Junie.

Maar laat ons eers 'n tree terugstaan en kyk hoe hierdie proses rondom die formulering van 'n nuwe strategiese agenda vir die NWU vir die volgende 10 jaar ontvou het.

Dit het begin met die Bosberaad-sessie in Julie verlede jaar. Sedertdien word dit gedryf deur 'n strategiespan bestaande uit die institusionele bestuurspan

(insluitende die drie kampusrektors) plus die kampusviserektors.

Hierdie strategiespan het 'n reeks vergaderings en werksinkels gehou en met verskeie NWU-belangegroepes gekonsulteer. Hierdie groepe het alumni ingesluit, met wie gekonsulteer is tydens vergaderings met die uitvoerende komitee van die Konvokasie op 21 November 2014 en weer op 26 Februarie 2015.

Deur die hele proses heen het alumni kwellinge geopper en insette gelewer. Dié betrokkenheid is 'n teken van verbintenis en opregte lojaliteit teenoor die NWU en sy voorgangers – iets wat ons hoog op prys stel.

Een van die grootste bekommernisse was die maatskappijverandering van ons bestuursmodel. Eerstens sou jy kon vra waarom dit deel uitmaak van die strategieërsieningsproses, aangesien konvensie gewoonlik dikteer dat struktuur op strategie volg.

In hierdie geval het die huidige struktuur dit baie moeilik gemaak om 'n alternatiewe (en moontlik beter) toekomst in die vooruitsig te stel. Daarom het ons dit nodig geag om struktuur en strategie parallel te beskou. Met ander woorde, met die ontwikkeling van 'n nuwe strategie vir die NWU moes ons onself en ons idees losmaak van die beperkings van die huidige struktuur.

Toe dit duidelik geword het dat die bestuurstruktuur (of model) waarskynlik sou verander, het dit aanleiding gegee tot 'n klomp emosies, insluitende vrees en 'n gevoel van verlies. Enkele van die vrese was dat die Potchefstroomkampus Afrikaans as 'n onderrigtaal sou verloor en dat die unieke studentelewes op die verskillende kampusse sou verdwyn. (Meer hieroor op p 7.) Aangesien taal en

kultuur mense na aan die hart lê, het baie van hierdie vrese tot ongegronde persepsies en verdraaiing van die feite gelei.

In hierdie verband wil ek 'n paar dinge uitwys. Eerstens wil ek adv Johan Kruger, voorsitter van die Raad, se versoek herhaal. In 'n onlangse persvystelling het hy die volgende gesê:

“Ek wil weereens beklemtoon dat alle belanghebbers hulself asseblief daarvan moet weerhou om oor die strategieërsieningsproses of die inhoud daarvan te bespiegel, met inbegrip van maatskappijveranderinge aan die huidige struktuur. Om agterdog te skep of ongegronde persepsies oor die proses te ondersteun, is nie die manier om dinge vorentoe te vat nie.”

Tweedens wil ek jou die versekering gee dat die bestuurspan verantwoordelike voorstelle aan die Raad sal voorhou vir oorweging. Die Raad, bestaande uit verteenwoordigers van NWU-belangegroepes soos alumni, donateurs, gemeenskapsleiers en Senaatslede, sal finaal besluit oor die toekomstige strategie en bestuursmodel van die NWU.

Derdens wil ek dit duidelik stel dat ons oor baie dinge kan praat en onderhandel, maar nie oor die gehalte van ons kernbesigheid nie. Die hoë standaard vir onderrig-leer en navorsing is ononderhandelbaar. Die nuwe bestuursmodel wat uiteindelik goedgekeur word, sal die gehalte van ons kernbesigheid moet ondersteun en uitbou.

Ek hoop dat dit jou sal gerusstel en dat jy sal voortgaan om die NWU te ondersteun. Onthou, as universiteit floreer ons op verskillende standpunte, en hierdie uiteenlopende sienings sal 'n veerkragtige grondslag skep om die NWU vorentoe te vat.

Vriendelike groete,

*Dan Kgwadi*

## NWU-kundiges kén hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as 'n instelling wat streef na kennis en innovasie om ander in staat te stel om hul lewenskwaliteit te verbeter. In hierdie artikel deel ons van ons kundiges se kommentaar wat in die media gepubliseer is.



“Enigiets wat stysel bevat, kan deur die liggaam in suiker omgeskakel word. Volgraanbeskuit is 'n goeie voorbeeld. Dit lyk gesond, maar dit bevat suiker en vette, asook verfynde stysel wat in vet omgesit word. Enige oormaat suikers (of stysel of vette) wat nie vir aktiwiteit (beweging) in die liggaam gebruik word nie, word in vet omgesit en 'n oormaat vet in die liggaam verhoog die risiko vir tipe 2 diabetes.”

Prof Salomé Kruger, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus

“Jy boet vir die soet”, *Netwerk24*, 18 Mei 2015



“Eskom skep 'n bouse kringloop deurdat hy kliënte ontmoedig om krag te gebruik, wat sy inkomste raak, wat hom dwing om tariewe te verhoog, wat weer kliënte ontmoedig om krag te gebruik.”

Prof Raymond Parsons, Potchefstroom Besigheidsskool, Potchefstroomkampus

“Eskompryse 'is 'n ramp’”, *Die Burger*, 14 Mei 2015

# Verandering is hier om te bly

*Beste alumni,*

**VERANDERING IS DEEL VAN DIE LEWE.** Soos wat die Griekse wysgeer, Heraklitus, dit op 'n keer gestel het: “Niks is permanent nie, behalwe verandering.”

Maar verandering is nie altyd ewe maklik nie; ons verkies dikwels om veilig in ons gemaksones te bly. Ongelukkig is dit 'n luukse wat die lewe ons nie altyd gun nie. Nuwe verwickelinge en innovasies maak dat die wêreld die heelyd verander en gesegdes soos “pas aan of bly agter” en “swem saam met die stroom” is baie toepaslik in ons daaglikse bestaan.

As deel van hierdie konstant veranderende wêreld is die NWU ook tans in 'n oorgangsfase. Nou, 10 jaar ná die samesmelting, is ons besig om ons strategiese model te hersien en daarmee saam dalk ook ons bestuursmodel.

Hierdie tipe veranderinge raak mense op een of ander manier – ook julle, ons alumni. Dit is verstaanbaar dat julle allerlei vrae en kwellinge oor die strategiese hersiening kan hê en ek vertrou dat die visekanselier se boodskap op p 4, saam met die artikel op p 7, meer lig sal werp op die kwessie.

Verandering het na alles twee kante: aan die een kant veroorsaak dit verlies en aan die ander kant hernuwing.

Oor die jare heen het baie bekende mense heelwat te sê gehad oor die onderwerp. Sommiges was entoesiastiese voorstanders van verandering: *Sonder verandering slaap iets binne ons wat selde ontwaak. Die slaper moet ontwaak.* – Frank Herbert

*Dis dalk moeilik vir 'n eier om 'n voël te word; maar 'n eier kan nie leer vlieg nie. Ons is nog soos eiers. En jy kan nie onbepaald aanhou om net 'n gewone goeie eier te wees nie. Ons moet uitbroei of sleg word.* – CS Lewis

... terwyl ander meer versigtig was:

*Niks ondermyn organisatoriese verandering so baie soos verliese wat nie ordentlik deurdink word nie.*

– William Bridges

*Verandering kan onsekerheid meebring. Daar is twee moontlikhede: Moenie iets regmaak as dit nie stukkend is nie, en: as verandering werklik nodig is, doen dit dan op 'n verstandige manier. Net soos met deugsamheid lê die oplossing ook iewers tussen hierdie twee opsies.* – Harry Mosley

Wat jul siening oor verandering ook mag wees en watter veranderinge ook al uiteindelik gaan verwesenlik, die *NWU & U* sal daar wees om julle in te lig en saam te neem op ons reis na die volgende dekade.

Lekker lees,

*Nelia*

en die  
*NWU & U*-span







Skryf gerus en vertel vir ons waar

in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane gaan, of skryf sommer oor ditjies en datjies wat julle na aan die hart lê. Stuur julle briewe na [nelia.engelbrecht@nwu.ac.za](mailto:nelia.engelbrecht@nwu.ac.za), faks dit na 086 614 3222 of pos dit aan Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaat Sak X1290, Potchefstroom, 2520.

**ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!**

Dit is met 'n warm gevoel om die hart dat 'n mens die briewe van ons alumni lees. Ons deel hierdie een graag hier met ons lesers.

Beste mede-alumni,

Die Potchefstroomkampus van die NWU is 'n plek wat 'n tuiste bied vir mense wat streef na 'n hoëgehalte-opleiding, maar wat hulpbronne, motivering en leiding benodig.

As oudstudent van hierdie instansie wil ek graag vir u vertel van die welwillendheid, vrygewigheid en leiding wat ek hier ervaar en gekry het.

Met hierdie brief wil ek die mites en stereotiperings rondom die universiteit se toelatingskriteria die nek in slaan. Getrou aan die gesegde "waar daar 'n wil is, is 'n weg," bied hierdie instansie 'n tuiste vir diegene met ernstige akademiese ambisies, ongeag godsdiensdiens oortuigings, kultuur, ras of geslag.

Daar is 'n persepsie dat hierdie instansie vir 'n lang tyd selektief wit, Afrikaanse Christene as studente toegelaat het. Of dit waar is of nie,

is nie meer ter sake nie, en behoort tot die verlede: Hierdie universiteit het sy deure wyd oopgegooi vir almal – ongeag finansiële of sosiale status.

Toe ek op die ouderdom van 47 ingeskryf het vir die BEd-kwalifikasie was ek net gewapen met vasberadenheid en 'n ambisie om 'n onderwyser te word. My kans op sukses was skraal in die lig van al bogenoemde hindernisse. Maar dit het gou duidelik geword dat ek by 'n instansie aangeklop het met pretensielose, vriendelike en vrygewige akademiese en ondersteuningspersoneel.

Hierdie brief het nie plek om al die deugde te noem waarvoor hierdie instansie staan nie. Die vaardighede, ervaring, kundigheid, simpatie en vriendelikheid van die personeel – en spesifiek dié by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe – stel almal in staat om hul akademiese drome te verwesenlik.

Aan die einde van 2013, na ses studiejare, het ek my BEd-graad voltooi. In 2014 het my onderwysloopbaan afgeskop by 'n skool in my gemeenskap waar ek graag 'n verskil wil maak in die lewens van

my leerders.

Ek het hierdie brief geskryf as 'n blyk van my waardering vir die NWU en die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus. Sonder julle ondersteuning en empatie sou ek nooit my studie kon voltooi nie.

Weereens baie dankie!

Die uwe

Elliot Mgwandi

Indien jy steeds jou kopie van die *NWU & U* per pos ontvang, maar verkies om dit via e-pos te kry, stuur asb jou e-posadres na [nelia.engelbrecht@nwu.ac.za](mailto:nelia.engelbrecht@nwu.ac.za). Baie dankie vir die talle alumni wat die *NWU & U* nog in gedrukte formaat ontvang het, en hul e-pos-adresse gestuur het sodat hulle die tydskrif voortaan elektronies kan ontvang. Daarmee help julle ons om ons koolstofvoetspoor te verklein.



# Pak uitdagings *sáám aan*

**DIE NWU SE** strategieherieningsproses is al sedert Julie 2014 aan die gang en ontlok steeds vurige debat onder die verskillende belangegroep van die universiteit.

Tydens hierdie debat het mense hul menings gelug en vrae gevra oor allerhande kwessies wat hulle na aan die hart lê. Enkele voorbeelde hiervan is die noodigheid vir verandering, die toekoms van Afrikaans, die studentelewe en die moontlikheid van 'n nuwe bestuursmodel.

Een van die eerste vrae wat gevra is, was: hoekom iets verander wat al vir 10 jaar lank werk?

Adv Johan Kruger, voorsitter van die NWU Raad, verduidelik: "Die spesifieke plan wat ten tye van die samesmelting geïmplementeer is, het goed gewerk vir die NWU. Tien jaar later moes ons egter vir onself uitmaak waar die plan gewerk het en waar verandering nodig is."

Volgens Johan het die oorspronklike plan beslis sekere tekortkominge gehad, byvoorbeeld die feit dat die gehalte van akademiese programme wat by die NWU aangebied word nie regoor die universiteit dieselfde is nie.

## Die toekoms van Afrikaans

Nog 'n kwessie wat belanghebbers genoem het, was die behoud van Afrikaans as 'n onderrigtaal op die Potchefstroomkampus.

Johan glo Afrikaans as onderrigtaal sal gebruik word vir so lank as wat daar so 'n behoefte bestaan. "Ek dink Afrikaans kan bly voortbestaan te midde van vordering met transformasie – die een moenie die ander een uitsluit nie."

"Maar ek is 100% gekant teen die gebruik van taal en kultuur om mense uit te sluit. Afrikaans moet 'n vriendelike, verwelkomende taal wees. Ek hou nie van 'n aggressiewe benadering as dit kom by die verdediging van Afrikaans nie. Ons bevind onself in 'n situasie waar ons vriende vir Afrikaans moet maak."

Prof Dan Kgwadi, visekanselier van die NWU, sê dit is nie nodig om aan die NWU se taalbeleid van funksionele meertaligheid te verander nie. "Ons moet net seker maak dat ons die beleid implementeer in die gees waarin dit oorspronklik bedoel is, naamlik om meer inklusief te wees met betrekking tot ander studente en tale. Ons moet ons taalbeleid na al ons kampusse toe uitrol en daar moet in al

twee rigtings getolk word na gelang van behoefte – van Engels na Afrikaans en ook van Afrikaans na Engels."

## Unieke studentelewe

'n Derde kwessie wat geopper is, was die unieke studentelewe op die kampusse.

Tydens gesprekke met bekommerde studente het prof Dan die versekering gegee dat elke kampus steeds sy eie unieke studentelewe sal hê. "Rugby sal belangrik bly op die Potchefstroomkampus en sokker op die Mafikengkampus. Maar ek wil hê dat studente van alle kampusse die rugby- en sokkerspanne moet aanmoedig. Met ander woorde: ek wil onderlinge ondersteuning tussen die kampusse aanmoedig, in plaas van kompetisie."

Prof Dan voel egter sterk daarvoor dat studente primêr deur die gehalte van die universiteit se kernbesigheid – onderrig-leer en navorsing – aangetrek moet word en nie deur taal, kultuur en die studentelewe nie. "Alhoewel hierdie dinge belangrike omgewingsbepalende faktore vir die kliënte is, is dit die finale 'produkte' – die studente wat aan die ander kant uitstap – wat werklik saak maak. Die vraag is hoe gereed hierdie 'produkte' sal wees om in 'n diverse wêreld te funksioneer."

## 'n Nuwe model vir die NWU

'n Vierde kwessie wat deur belanghebbers geopper is, handel oor die moontlike gevolge van 'n nuwe bestuursmodel vir die NWU.

Wat dit betref, stem voorsitter Johan saam met prof Dan. Hy glo ook dat watter model ook al deur die Raad gekies word vir die toekoms, dit op die gehalte van die NWU se kernbesigheid gebaseer moet wees.


Die Raad is oop vir enige voorgestelde modelle. "Elkeen is geregtig op 'n eie opinie en dit maak nie saak wie 'n spesifieke model voorgestel het nie. Dit is die Raad se taak om alle modelle objektief te oorweeg en dan 'n finale besluit te neem."

Groter integrasie op akademiese en bestuursvlak is volgens hom onvermydelik. "Laat ons nuwe maniere vind om eenheid en akademiese standaardisering tot stand te bring en hierdie universiteit 'n instelling te maak wat sy akademiese rol as 'n nasionale bate vervul."



## NWU Raad: *nuwe leiers aan die stuur*

Gedurende die raadsvergadering op 17 November 2014 is adv Johan Kruger as voorsitter en dr Joe Tshifularo as adjunkvoorsitter van die NWU Raad aangewys vir 'n termyn van drie jaar elk. In hierdie artikel kan julle lees oor die mense agter hierdie belangrike posisies – waar hulle vandaan kom, wat hulle na aan die hart lê en hoe hulle hul rolle as leiers van die Raad sien.





# Met al twee voete *plat op die aarde*

**VIR 'N MAN WAT** tydens sy regsloopbaan skouers geskuur het met van die voorste politici en regsgeleerdes in die land, staan adv Johan Kruger, die nuwe voorsitter van die NWU Raad, met al twee sy voete plat op die aarde – en verkieslik iewers op Komarin, sy aftreeplasia by die Loskopdam.

Daar naby Middelburg in Mpumalanga bly hy en Hester saam met ribbokke, koedoes, klipspringers, vlakvarke en bosvarke. Dis nou as jy nie die bloukurpers in die vier damme en die luiperds in die klowe byreken nie.

Nie dat Johan tyd het vir stoepsittery op dié plasia nie. “Om die voorsitter van die NWU Raad te word, was nie deel van my aftree-planne nie, maar aan die ander kant glo ek 'n mens moet jou bydrae maak,” sê hy.

Net so was sy betrokkenheid as voorsittende regter van die Rondgaande Hof in Potchefstroom gedurende die eerste maande van 2015 waarskynlik ook nie deel van sy planne nie, maar wel nog 'n bewys dat hy graag diens lewer.

## Dit kom van ver af

Sy verbintenis met Potchefstroom en die NWU kom van ver, toe hy sy drie regsgrade aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou die NWU se Potchefstroomkampus) behaal het.

Sy studentejare beskryf hy as “pure vreugde met 'n bietjie swot tussendeur”. Hy was onder meer primarius van Over de Voor-manskoshuis (1969) en studenteraadsvoorsitter (1970). Origens, sê hy, het hy byna voltyds met Hester, toe 'n biblioteekkunde-student, gesleep. Dié slepery het daartoe gelei dat hulle in 1971 die knoop deurgehaak het.

Ná sy studies was hy vir 'n ruk advokaat in Pretoria voor hy weer terug is Potchefstroom toe waar hy professor by die Fakulteit Regte was en in menseregte gespesialiseer het.

Tussendeur was hy regsadviseur by die grondwetlike onderhandelinge in Kempton Park en later ook voltyds by die Parlement in Kaapstad, voor hy weer Pretoria toe is waar hy as advokaat gepraktiseer het. Die laaste sewe of agt jaar voor sy aftrede het hy feitlik voltyds as regter waargeneem.

Met al dié ondervinding in sy bladsak, is hy gereed om die uitdagings wat sy voorsitterskap van die NWU Raad meebring, in die oë te kyk.

## Handhaaf balans

As regsgeleerde is balans vir hom baie belangrik – byvoorbeeld tussen die

regte van sekere studente om in hul moedertaal, Afrikaans, klas te kry, en die regte van nie-Afrikaanssprekendes om nie daardeur uitgesluit te word nie.

Nog iets wat hom na aan die hart lê, is die handhawing van menseregte. “Ontgroening en ongemanierdheid wat as tradisie beskou word, is onaanvaarbaar,” sê hy.

## 'n Suksesvolle dekade

Johan, wat die Konvokasie op die Raad verteenwoordig, meen die NWU het die eerste 10 jaar ná eenwording suksesvol deurgevoer. “Die uitdaging is om uit die geskiedenis te put wat goed is en terselfdertyd werkbare oplossings vir huidige knelpunte te vind.”

Hy het groot bewondering vir die NWU-bestuur en vir prof Dan Kgwadi, die visekanselier, en glo hy sal 'n suksesvolle pad saam met hulle kan stap.

## Wisselwerking en die toekoms

Oor die rol van die NWU Raad voel hy baie sterk. “Die Raad bepaal, in die finale instansie, die breë beleid waarvolgens die universiteit bedryf word en waarheen dit op pad is.”

Daarom is behoorlike wisselwerking tussen die Raad en alle belanghebbers noodsaaklik en moet belangrike raadsbesluite gereeld gekommunikeer word, meen hy.

En die toekoms? “Uitdagende tye lê voor. Ons kan net sukses behaal as almal skouer aan die wiel sit en die belange van die NWU as uitnemende akademiese instansie wat vierkant in die Suid-Afrika van vandag staan, eerste stel.”

## Woorde en woelwaters

Johan se voorsitterskap van die Raad is nie al wat hom besig hou nie – hy werskaf ook met woorde. Nadat hy 'n aantal jeugverhale gepubliseer het, het die roman, *Die vloek*, 'n paar jaar gelede by Lapa verskyn en vorder sy volgende boek fluks.

Maar dit wat hom die heel meeste van ledige stoepsittery weerhou, is sy kleinkinders.

“Ons het twee seuns en 'n dogter, met een kleinkind uit elke gesin.” Dié drietjies, sê hy, het gou agtergekom dat hul oupa die “weakest link” is wat al hulle wense uitvoer. “Eintlik is ek nou byna voltyds in hulle diens,” skerts hy.

Oupa, skrywer, regsgeleerde, en nou ook raadsvoorsitter. 'n Hele mond vol, maar nie te veel nie. Want as jou voete stewig staan, waai die wind jou nie sommer onderstebo nie.



Adv Johan Kruger en sy vrou, Hester, woon op die plaas, Komarin, naby Middelburg in Mpumalanga.

# 'n Gebore leier *met 'n doel in die lewe*



Dr Joe Tshifularo en sy vrou, Masala, is die trotse ouers van agt kinders.

**DIT IS BELANGRIK** om mense byeen te bring, al sal hulle en hul persepsies altyd verskil. So glo dr Joe "JG" Tshifularo, adjunkvoorsitter van die NWU Raad.

As Vhamusanda\* (koninklike) van twee Venda dorpie doen Joe sy naam, Zwototea ("die regte persoon vir die taak") gestand. Sy taak is om mense byeen te bring en skeidsure af te breek. Dit is presies wat hy beoog om te doen as adjunkvoorsitter.

Joe is in November verlede jaar as adjunkvoorsitter aangewys en dien reeds sedert 2012 op die Raad. Hy is deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding aangestel.

Sy dagtaak as bestuurder vir Inklusiewe Onderwys en Sielkundige Dienste by die Departement van Basiese Onderwys behels kurrikulumontwikkeling – ook vir laer- en hoërskoolkinders met spesiale behoeftes.

"Alles wat leer belemmer, moet afgebreek word deur berading, voorligting en bystand," sê hy. Dieselfde vaardighede kom ook nuttig te pas in sy hoedanigheid as adjunkvoorsitter van die Raad, veral wanneer dit kom by dinge soos die fasilitering van debatvoering.

"Ek glo dat die NWU een van die beste universiteite gaan wees. Oral in die wêreld was daar nog altyd verskille tussen mense. Dit is iets wat ek in Japan en Brittanje ook ervaar het; dis nie uniek aan Suid-Afrika nie," sê hy.

Joe gee toe dat die proses om persepsies en gedrag te verander om 'n hernieude, verenigde instansie tot stand te bring lank en met tye selfs pynlik sal wees. "Maar as ons almal in dieselfde rigting beweeg, met 'n gedeelde doel en respek vir mekaar, en na mekaar luister, kan ons al die uitdagings oorkom en die vrugte daarvan pluk."

### Wyse, ware woorde

Joe het in die huis van 'n tradisionele leier grootgeword, maar hy het nie van kleins af geweet dat hy bestem was om die volgende hoofman te word nie. "In Venda sê hulle nie vir jou dat jy 'n leier gaan word nie. Toe ek later uitgevind het dat ek in my pa se voetspore sou volg, was my eerste reaksie om te vra waarom die titel van tradisionele leier nie eerder na my broer toe kon gaan nie."

Die antwoord was duidelik. Joe was die gekose een en net soos 'n gebore leier het hy dit as sy roeping beskou om 'n verskil te maak in die lewens van ander mense.

"Ek gebruik die wysheid wat my pa aan my oorgedra het om my te lei in my werk. Hy het gesê dit is die waardes wat sy pa hom geleer het wat altyd die grondslag sal uitmaak van sy interaksie met mense.

"My pa het my geleer om lief te wees vir mense en hulle te aanvaar vir wie hulle is. Hy het daarin geglo om te deel en om na jonk en oud, ryk en arm om te sien; om beskeie en betroubaar te wees en om almal altyd met respek te behandel."

Joe sê hy leef volgens sy pa se wyse raad om min vyande en baie vriende te maak.

### Sterk familiebande

Hy is trots daarop om deel te wees van 'n groot gesin. "My pa het ses vrouens en meer as 70 kinders gehad. Ek is die oudste van my pa en ma se ses kinders."

Sy deel wees van so 'n enorme gesin en die hantering van soveel verskillende mense het Joe gehelp om die mensvaardighede te ontwikkel wat hy nou elke dag gebruik en wat hy ook vir sy eie kinders geleer het.

Joe en sy vrou, Masala, is die trotse ouers van agt kinders, ses dogters en twee seuns. "Ek is baie trots op my kinders. Drie van hulle is mediese dokters en een is 'n geoktrooierde rekenmeester. Al my kinders het 'n goeie opvoeding gehad."

### Die belangrikheid van onderwys

Onderwys lê Joe na aan die hart. Hy het sy BA en BAHons by die Universiteit van Venda verwerf, 'n MA by die Universiteit van Limpopo en 'n PhD by die Universiteit van Venda.

Hy sê sy gunstelingvakke op skool was wiskunde en biologie en hy het dit op 'n stadium oorweeg om 'n apteker te word. Sy werklike roeping was egter onderwys, en nadat hy in 1977 begin skoolhou het, is hy in 1992 bevorder tot skoolinspekteur.

Daarna het hy 'n PhD in kurrikulumstudies aangepak, en op die oomblik werk hy aan 'n PhD in neurosielkunde.

Sy PhD in kurrikulumstudies het hom 'n besondere waardering vir die belangrikheid van hoëgehalte- en toepaslike onderwys gegee. Dit, tesame met sy liefde vir mense, sy diep godsdienstige oortuigings en sy leierskapskwaliteite, maak hom die regte persoon om in hierdie belangrike tyd as die Raad se adjunkvoorsitter te dien.

*\* Dr Joe Tshifularo, 'n onderwyspionier in die Vhembe-distrik, is in 2004 deur die Tshivhase Koninklike Raad as Vhamusando van twee dorpie ingehuldig. Hy is verantwoordelik vir Tshifhena en Tshatharu, wat ook onder Khosi Vho-MF Lusanzi van Tshikombani val. Sy inhuldiging volg ná die afsterwe van sy pa, wyle Vho-Thomani Tshifularo.*





## Toekennings wag op alumni

OP 9 OKTOBER, tydens die NWU se jaarlikse Alumni-toekenningsereemonie, sal die kollig weereens val op NWU-alumni met uitsonderlike persoonlike en loopbaanprestaties wat navolgenswaardige bydraes tot die samelewing gemaak het.

'n Opwindende nuwe verwikkeling is dat 'n Jong Alumnus-toekenning vir die eerste keer sedert die bekendstelling van die toekenning in 2013 aan 'n alumnus van 35 jaar of jonger toegeken gaan word.

In nóg 'n eerste sal die Alumni-toekennings (vir alumni ouer as 35) in ses kategorieë gemaak word. Daar sal één ontvanger wees in elk van die volgende kategorieë: onderwys, navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid, sakeleierskap, kuns en kultuur, en sport. Die ontvanger van die Jong Alumnus-toekenning kan uit enige van hierdie kategorieë kom.

Uit die benoemings wat vir die Alumni-toekennings ontvang is, kan die uitvoerende komitee (UK) van die Konvokasie dan kies om die Leeftydprestatietoekenning aan 'n buitengewone benoemde toe te ken. Hierdie toekenning word net in hoogs uitsonderlike gevalle gemaak, waar die kandidaat of kandidate werklik uitsonderlike en verdienstelike diens aan die samelewing gelewer het.



### Hoe die proses werk



Alumni en ander belangegroepes is via e-pos, SMS'e en koerantadvertensies in die *Sunday Times*, *Rapport* en *City Press* genooi om verdienstelike alumni te benoem.

Hierdie benoemings is elektronies by die Institusionele Kantoor ingedien. Nadat benoemings op 15 Mei gesluit het, moes uitgebreide bestuurstrukture op die kampusse één Alumni-toekenning-benoeming in elk van die ses kategorieë kies, plus een benoeming vir die Jong Alumnus-toekenning.

Dit wil sê drie benoemings in elk van die ses kategorieë plus drie benoemings vir die Jong Alumnus-toekenning sal aan die UK van die Konvokasie deurgegee word. Die UK sal dan een wenner in elke kategorie sowel as die ontvanger van die Jong Alumnus-toekenning kies.

## Opname lei tot toekennings vir Loopbaansentrum

Vroeër vanjaar het die NWU se Loopbaansentrum twee prestige-toekennings ontvang op grond van hul deelname (in 2014) aan die jaarlikse Universum South African Student Survey.

**DIE LOOPBAANSENTRUM** was eerste in die kategorie "Most active survey engagement on campus" en derde in die kategorie "Best career service rating".

Universum is 'n globale maatskappy wat met die handelsmerkvestiging van werkgewers werk en hierdie spesifieke opname was oor die loopbaanvoorkeure en -verwagtinge van studente en professionele persone in Suid-Afrika.

Universum het response van 44 650 studente van al die hoëronderrys-instellings in Suid-Afrika ingesamel. Altesaam 3 720 NWU-studente het aan die opname deelgeneem.

### NWU-alumni se keuses

In 2014 het die NWU ook aan 'n Universum-opname deelgeneem wat op NWU-alumni fokus. Altesaam 1 991 alumni het aan die opname deelgeneem.



Die gemiddelde ouderdom van respondente was 37 jaar, hulle het gemiddeld 11,2 jaar se werkervaring gehad en het 'n gemiddelde jaarlikse salaris van R417 702 ontvang.

Hier is van die interessante bevindinge van die ondersoek:

### 'n Kompetierende basiese salaris

is die belangrikste faktor vir NWU-alumni. Hulle het ook professionele opleiding en ontwikkeling, en leierskapsgeleenthede geïdentifiseer.

### Die drie gewildste bedrywe

waarin NWU-alumni werk, is:

- opvoedkundige en wetenskaplike instellings
- openbare sektor en regeringsinstellings
- ouditeurs- en rekeningkundige instellings

### Waarna soek NWU-studente?



Hier is 'n paar bevindinge van die 2014-opname:

### Respek vir mense

is die belangrikste kenmerk waarna NWU-studente op soek is in hul ideale werkgewer. Hulle het ook leierskapsgeleenthede en 'n vriendelike werkomgewing geïdentifiseer.

### Die drie gewildste werkgewers is

- gesondheidsdienste
- opvoedkundige en wetenskaplike instellings
- banke




### R247 604

verwagte jaarlikse salaris (eerste werk)

### Die drie belangrikste loopbaan-doelwitte van NWU-alumni is om:

- 'n werk/lewe-balans te hê
- kompetierend of intellektueel gestimuleer te word
- 'n stabiele werk te hê.





Alumni het reeds 'n pretgevlude eerste helfte van 2015 ervaar en dit lyk daar nog heelwat "ritte" op die alumni-"pret-bus" wag gedurende die tweede helfte van die jaar. Skud dus op en kontak jou alumni-kantoor om uit te vind wat voorlê, gordel vas en geniet die "rit".



Daar is tans 28 569 profiele van Mafikeng-alumni in die NWU se alumni-databasis, van wie 27,1% se kontakbesonderhede korrek en geldig is. Profiele word deurlopend bygewerk en teen die einde van Mei vanjaar was altesaam 8 345 reeds bygewerk. Me Thandi Ralekgetho en me Louisa Vermeulen is die mense wat verantwoordelik is hiervoor.

## Studenteilers vergader

Tydens 'n toer op die Mafikengkampus op 21 April was voormalige studenteraadslede aangenaam verras oor al die nuutste infrastruktuur-ontwikkelings op kampus. Hulle het ook met huidige studenteilers vergader en het daardie aand 'n galadinee bygewoon.

### Alumni-kantore:

Mafikengkampus 018 389 2388

Potchefstroomkampus 018 299 2768

Vaaldriehoekkampus 016 910 3250

# Spring op die

## Hoe meer siele, hoe meer vreugde

Vorbereidings om streeks- en fakulteitgebaseerde afdelings vir Mafikeng-alumni te begin, vorder goed. Tot dusver is drie alumni geïdentifiseer om te help om die streeksafdelings in Botswana, Klerksdorp en Pretoria tot stand te bring. Die daarstel van fakulteitgebaseerde afdelings is ook reeds met die dekane bespreek.

## SIT DIE BAL AAN die rol

In Augustus sal die alumni van die Mafikengkampus se Sokkerinstituut die kampus besoek. In Oktober wil die Alumni-kantoor die idioom "buig die boompie terwyl hy jonk is" in die praktyk toepas wanneer hulle 'n verhouding begin met die finalejaarstudente – en toekomstige alumni – tydens die rektor se afskeidsdinee vir hierdie studente.

Alumni wat die besigheidsonthby bywoon, luister aandagtig na mnr Etienne le Roux, die gasspreker.



## Kombineer onthby

Op 27 Februarie het die alumni-kantoor van die Vaaldriehoekkampus die eerste besigheidsonthby vir alumni in 2015 aangebied.



Die bekende ekonoom, akademikus en ekonomiese kommentator, mnr Etienne le Roux, het die alumni toegesprek skaars twee dae nadat die Minister van Finansies, Nhlanhla Nene, sy Nasionale Begrotingstoespraak gehou het. Die tema van Etienne se toespraak was, "SA Budget Speech: talking rand and cents".





Die trofeeënwinners van die NWU-Puk-Gholfkampioenskap is Jaco Fourie (B-afdeling), Hennie Kruger (klubkaptein), Jan Greyling (klubkampioen), Elzané van der Wath (vrouekampioen) en Kobus Nagel (C-afdeling).

### Afslaantyd

Op die gholfbaan het alumni van die Potchefstroomkampus meegeding teen alumni van die universiteite van Kaapstad en Pretoria, en in die Varsity Cup-kompetisie het hulle oor die Pretoria-alumni getriomfeer. Later vanjaar sal hulle sake uitspook teen alumni-spanne van die universiteite van Rhodes, Stellenbosch en die Vrystaat.

# 2015-"PRETBUS"

## Moenie dié 'bus' mis nie

Die "pretbus" het Potchefstroom-alumni al op verskeie "pretritte" geneem. Hulle het reünies bygewoon, wyn geproe en gholf gespeel – en die res van die jaar hou nog baie meer opwinding in.

Twee dameskoshuise se reünies word beplan vir die naweek van 31 Julie tot 2 Augustus.

Klawerhof sal hulle 60-jaar-reunie hou en Heide hul 45-jaar-reunie.

Ander gesellighede sluit in een in Nelspruit (28 Julie), een in Durban vir afstandsléer-alumni (15 September), die Fakulteit Regte se 50-jaar-reunie (25 tot 26 September) en die 1965-eerstejaars se reunie (6 November).



Gedurende die res van die jaar kan wyn-connoisseurs nog uitsien na proegeleenthede vir wyn van landgoedere en kelders soos Zonnebloem, Oranjerivier Wynkelders, Marianne Wine Estate, Gabriëlskloof en Jakkalsvlei.


## en besigheid

In sy toespraak het Ettienne gesê die Suid-Afrikaanse ekonomie kan herstel as staatsbesteding ingekort word, die belastingbeleid verander word en belastingbetalers se geld nie langer gebruik word om staatsondernemings soos Eskom en die Poskantoor te kapitaliseer nie.

Op 10 Maart 2015 het die kampus se alumni-advieskomitee met prof Dan Kgwadi, visekanselier van die NWU, vergader. By hierdie geleentheid het prof Dan aan hulle 'n oorsig oor alumni-verhoudinge by die NWU gegee, asook terugvoer oor die strategiese proses waarby die NWU tans betrokke is.

### Elvis sal jou 'blues' verdryf

Die Vaaldriehoekskampus se jaarlikse galadinee vir alumni vind op Vrydag 21 Augustus 2015 by die Quest-konferensiesentrum plaas. Die tema is "Jaar van impak" en gaskunstenaar Elvis Blue sal die alumni vermaak.





# Aspoestertjieplant

**HIERDIE ARME PLANT** en sy nasate moet bejammer word, want hulle word opsetlik aan allerhande vorme van ontbering onderwerp.

Hulle kry of te veel of te min water en ly onder chemiese aanslae, insekinfestasie, bakteriële blootstelling, hitte-straling en bevriesting... Ja-nee, hulle kry maar swaar in die Mafikengkampus se plantbiotegnologie-laboratorium.

Tog kry baie van hierdie plante dit op die een of ander manier reg om te oorleef. Dit is hóé hulle dit doen, wat waardevolle leidrade verskaf vir die moontlike verbetering van voedselproduksie in 'n wêreld wat worstel met voedseltekorte en klimaatsverandering.


Die *Arabidopsis thaliana* is 'n lid van die broccoli-agtige brassica-familie en het sekere eienskappe wat dit uiters geskik maak vir die laboratorium se navorsing, sê prof Oziniel Ruzvidzo, projekteier van die Mafikengkampus se plantbiotegnologie-navorsingsgroep.

Die plant het 'n kort lewensduur, bevat min gene en het 'n eenvoudige voortplantingsproses. Dit maak dit vir navorsers moontlik om die plant se fisiologiese reaksies op die onderskeie stresfaktore (bioties en abioties) in elke lewensiklus-stadium – van saadontkieming tot vrugproduksie – te toets.

## Voorwaar 'n kanniedood

Die belangrikste kenmerke is dat die *Arabidopsis thaliana* uiters gehard en veerkragtig is en by verskeie omgewingstressors kan aanpas. "Tot dusver het ons reeds 14 kandidaatproteïene geïdentifiseer wat betrokke is by stresrespons-aanpassingsmeganismes," sê Oziniel.

Sy werk word volledig deur die Nasionale Navorsingstigting befonds. Dit behels bestudering en bepaling van die presiese genetiese meganismes waarvan hierdie plant potensieel gebruik maak om op stresvolle toestande te reageer en daarby aan te pas. Die



Die bestudering van plante se oorlewingsmeganismes is 'n belangrike deel van prof Oziniel Ruzvidzo se navorsing.



## – pas aan of vergaan

kennis wat opgedoen word, kan dan weer teruggeploeg word in ons eie landboukundig belangrike gewasse vir die uiteindelijke verbetering van voedselproduksie.

### Bydrae tot voedselsekureit

“Die wêreldbevolking neem toe en die klimaat is besig om te verander, maar die kwessie van voedselproduksie wat daarby moet aanpas, bly nog agterweë,” sê hy.

“Deur hierdie projek beoog ons om sistematies by te dra tot voedselsekureit, en uiteindelik tot die uitwissing van hongersnood en armoede. Klimaatsverandering gaan byvoorbeeld gepaard met droogtes én met oorstromings. As ons dus kan uitwerk wat dit is wat maak dat modelplante soos hierdie *Aspoestertjie* van ons in stresvolle toestande kan oorleef, kan ons probeer om die betrokke meganismes na meer ekonomies belangrike gewasse toe oor te dra.”

Dit is waarom die *Arabidopsis thaliana* aan allerlei omgewingstimuli onderwerp word.

Die werk word in gesimuleerde toestande in een van die nuutste en bes toegeruste plantbiotegnologie-laboratoriums in die land gedoen – met die hulp van ’n hele span gretige nagraadse studente en navorsingsassistentente.

### Nabootsing van droogte en oorstromings

“Ons ontnem byvoorbeeld water en onttrek proteïene om te sien watter klas van hierdie proteïene uitgedruk word onder droogtetoe-stande en die plant laat aanpas.

“Dieselfde geld vir wanneer ons byvoorbeeld die plant te veel water gee om oorstroming na te boots, die temperatuur verlaag om wintertoestande na te boots, of dit blootstel aan osmotiese skok. Verskillende proteïene word uitgedruk onder verskillende toestande,” sê Oziniel.

“Die vraag is of ander groente – dié wat ons eet – ook hierdie gene besit? As die gene nie beskikbaar is in die ander gewasse nie, kan ons

dit oordra van ’n modelplant af? As die gene wel daar is, is hulle aan- of afgeskakel? As hulle af is, kan ons hulle dan aanskakel?”

### Die aan- en afskakel van gene

Die identifikasie van “molekulêre skakelaars” is ’n belangrike deel van Oziniel se navorsingswerk.

“’n Molekulêre skakelaar sal gebruik word om ’n plant se oorlewingsmeganismes te reguleer deur spesifieke gene te aktiveer en te deaktiveer soos nodig. “As ’n geen vir weerstand teen droogte is, hoef dit nie uitgedruk te word as daar baie reën is nie; dit kan dus afgeskakel word.”

Die molekulêre skakelaars wat hy in gedagte het, sal gemaak word van plantmateriaal wat in baie klein hoeveelhede in water geplaas word en op die plant gesproei word om die gewenste oorlewingsmeganismes te aktiveer. Die skakelaars sal biodegradeerbaar wees en sal nie agterna in die omgewing agterbly nie, anders as ander stowwe soos kunsmis en plaagdoders wat besoedeling veroorsaak.

Hy het reeds ’n aantal skakelaars geproduseer wat op die oomblik in die laboratorium getoets word. “Ek kyk na kwesies soos hoeveel skakelaar ons moet aanwend om ’n geen te aktiveer, hoe lank dit vat om ’n geen te aktiveer, en hoe lank ’n bepaalde skakelaar vat om af te breek in die grond.”

### Aandag getrek

Die eerste publikasie oor die laboratorium se werk is aangelyn gepubliseer in 2013 ([www.TAIR.org](http://www.TAIR.org)) en het onmiddellik verskeie plantbiotegnoloë van regoor die wêreld se aandag getrek.

“Ons is die enigste groep wat hierin spesialiseer – plantadienielsiklase oor stresrespons- en aanpassingsmeganismes,” verduidelik Oziniel. “Die laaste keer wat hierdie tipe werk aangepak is, was in 1971, voordat die betrokke wetenskaplikes opgegee het. Hulle het gedink hierdie tipe gene (adienielsiklase) bestaan nie. Ons het reeds ’n stel van 14 sulke gene geïdentifiseer.”

Nuus dat ’n Suid-Afrikaanse navorsingsgroep hierdie tipe navorsing aangepak het en boonop goeie vordering maak, het belangstelling van voor af gaande gemaak en nuwe lewe ingeblaas in ’n eens dormante studierigting.



## Bou 'n besigh - één was op 'n slag



Me Sibongile  
Cele

Nadat sy die Ondernemende Vroue-program voltooi het, het entrepreneur Sibongile Cele haar droom verwesenlik en is sy vandag die trotse eienaar van 'n mobiele karwasdiens.

**'N MENS IS** nooit te oud om te leer nie – en in die geval van die 44 jaar oue me Sibongile Cele ook nooit te oud om jou droom om 'n entrepreneur te wees, waar te maak nie.

Hierdie ma van drie en voormalige verpleegster was een van die eerste graduandi van die Ondernemende Vroue-program van die bhive-Ondernemingsontwikkelingsentrum (bhive-OOS) op die Vaaldriehoekcampus (kyk volgende bladsy).

### **Van droom na idee**

Sibongile het nog altyd daarvan gedroom om vir haarself te werk. Nadat sy in 2013 'n koerantadvertensie oor die eerste Ondernemende Vroue-program in 2013 gesien het, het sy besluit om in te skryf vir die agt maande lange program.

Een dag terwyl sy in 'n lang tou staan en wag het vir haar kar om gewas te word, het Sibongile begin dink oor die voordele van 'n mobiele karwasdiens wat na die kliënt toe gaan in plaas daarvan om van die kliënt te verwag om na hulle toe te gaan.

“Ek het besef dat so 'n besigheid twee maal vinniger sou kon dienste lewer, en kliënte in die proses baie tyd en moeite sou spaar.”

Daar en dan het die idee vir Spick and Span Carwash posgevat.

### **PROGRAM**

*maak drome waar*

Ná 'n streng keuringsproses neem 17 aspirant-entrepreneurs aan vanjaar se Ondernemende Vroue-program deel.

Deur die loop van die program word deelnemers begelei terwyl hulle hul idees as entrepreneurs verken, gesonde besigheidsmodelle ontwikkel en hul besigheid met selfvertroue en entrepreneuriese kundigheid begin.

Deelnemers word deel van 'n hegte eweknie-netwerk van vroue wat ervaringe met mekaar deel en deur middel van werksinkels en groepsessies by mekaar en by ander gevestigde vroulike entrepreneurs leer.

Vir meer inligting oor die Ondernemende Vroue-program en om aansoekvorms te kry, kontak Leonie by [leonie@aequis.co.za](mailto:leonie@aequis.co.za).





# heid

## Meer oor die bhive-OOS

Die bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum is 'n eenheid binne die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie. Hulle doel is om graduandi op te lewer wat werk in die arbeidsmark kan kry, of wat self werk kan skep.

## Besighede wêreldwyd

Daar is 'n geskatte 98 miljoen vroue wêreldwyd wat gevestigde besighede bedryf. Van al die streke het Afrika suid van die Sahara die hoogste gemiddelde intensiekoers, met 52% van vroue wat graag binne die volgende drie jaar 'n besigheid sal wil begin.

### Van idee na realiteit

Nadat sy die agt maande lange bhive-OOS-program voltooi het, het sy by die Jong Entrepreneur Business Organisation (YEBO) op kampus aangesluit en begin om haar droom te verwesenlik. (YEBO is 'n unieke studentorganisasie binne die bhive OOS wat studente motiveer om entrepreneurs te word.)

“Om 'n nuwe besigheid te begin, kan nogal skrikwekkend wees – veral vir 'n nuwe entrepreneur,” sê Sibongile. “Ek sou dit nie kon regkry sonder die ondersteuning en raad van die YEBO-span nie.”

Sy sê daar is nie woorde om die gevoel van onafhanklikheid te beskryf nie. “As gevolg van die kennis en vaardighede wat ek opgedoen het, sal ek nou onthou word as 'n vrou wat haar droom uitgeleef het.”

Spick and Span Carwash is amptelik in 2013 bekendgestel, en Sibongile en haar span lewer al sedert 2014 dienste aan die kampus se personeel en studente.

Met hierdie mobiele karwaseenheid neem die lede van Sibongile se span die besigheid na die kliënte in plaas daarvan dat die kliënte na hulle toe kom.

Hierdie lid van die Spick and Span-karwasspan is gereed vir die volgende taak.



### Entrepreneurs klim in die kryt

**DIE SOGENAAMDE** "Olimpiese Spele" vir entrepreneurskap, Get in the Ring: The Investment Battle, kom binnekort na Suid-Afrika en opkomende entrepreneurs sal meeding vir 'n aandeel aan 'n belegging van tot €1 000 000.

Die bhive-Ondernemingsontwikkelingsentrum op die Vaaldriehoek-kampus is deel van die Suid-Afrikaanse span wat die plaaslike weergawe van hierdie wêreldwye kompetisie sal aanbied.

Verskeie hoëronderwysinstansies sal vanjaar sogenaamde "Local Opportunities" vir entrepreneurs aanbied om in te skryf vir die kompetisie. Hierdie geleentheid sal in Johannesburg, Durban, Bloemfontein, Vanderbijlpark en Kaapstad aangebied word.

Ná 'n streng papierkeuringsproses sal die top-deelnemers na die Suid-Afrikaanse semi-finaal genooi word wat in Oktober plaasvind. Hierdie tweedaagse gebeurtenis sal in Pretoria aangebied word in die vorm van 'n seminar en 'n geleentheid vir mense om hulle idees voor te hou.

Die finale fase van Get in the Ring: South Africa sal in November plaasvind. Die wenners sal in Januarie 2016 in Columbia, in South Carolina in die VSA, by entrepreneurs van regoor die wêreld aansluit vir die groot Investment Battle.

Get in the Ring, 'n konsep sonder winsoogmerk, is deur die Erasmus Sentrum vir Entrepreneurskap van stapel gestuur om die mees belowende entrepreneurs van regoor die wêreld in kontak te bring met beleggers en om mense te inspireer om hul reis as entrepreneurs te begin.

**GET IN THE RING**  
THE INVESTMENT BATTLE



Bye om die implementering van die program te bespreek, is van links prof Coen Marais, programleier van Polisiëringspraktyk, prof Manie Spamer, direkteur van die Eenheid vir Oop Afstandsleer, Prof Herman van Schalkwyk, rektor van die Potchefstroomkampus en prof Jan Swanepoel, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

### Verryk jou loopbaan met 'n graad in polisiëringspraktyk

**ALMAL WAT IN** die veiligheids- en sekuriteitsbedryf werk, insluitende beamptes in die Suid-Afrikaanse Polisiëdiens, kan nou hul loopbane verryk met 'n baccalaureusgraad in polisiëringspraktyk.

Die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies op die Potchefstroomkampus bied hierdie graad deur middel van oop afstandsleer aan.

Die graadprogram rus deelnemers toe met die nodige kennis en vaardighede om polisiëringsinisiatiewe en -operasies op junior, middel- en senior bestuursvlakke te bestuur.

Leerondersteuning en kontakklasse sal aangebied word via interaktiewe

witbordtegnologie, uitgesaai na 58 leersentra regoor die land. Eksamens sal by NWU-eksamensentra regoor die land afgeleë kan word.

Daar is geen sluitingsdatums vir aansoeke nie en die klasgeld is R18 500 per jaar indien 'n student vir al die modules per akademiese jaar registreer. Onderrig by oop afstandsleersentra sal slegs in Engels plaasvind.

Vir verdere inligting kontak me Santie du Plessis by 018 299 4548, of [santie.duplessis@nwu.ac.za](mailto:santie.duplessis@nwu.ac.za).

Die inbelsentrum kan ook gekontak word by 018 285 5900 of [distancepotch@nwu.ac.za](mailto:distancepotch@nwu.ac.za).

### 100% -slaagsyfer vir toekomstige geektrooieerde rekenmeesters

**AL AGT KANDIDATE** van die Mafikengkampus wat die uitdagende Suid-Afrikaanse Instituut vir Geektrooieerde Rekenmeesters se Initial Test of Competence-eksamen (ITC) afgeleë het, het met die eerste probeerslag geslaag.

Dit is dus nou al die tweede jaar wat die kampus 'n 100%-eerstepogingslaagsyfer behaal. Die ITC-eksamen is die eerste van 'n reeks raadseksamens wat kandidate moet slaag om as geektrooieerde rekenmeesters te kwalifiseer. In die afgelope drie jaar was daar 27 kandidate van die Mafikengkampus wat hierdie eksamen geskryf én geslaag het.





# Leer *is kinderspeletjies*



**KINDERS LEER BELANGRIKE** vaardighede aan terwyl hulle speel. Dit is weereens bevestig by die Lego Ideekonferensie in Denemarke wat prof Mary Grosser, 'n navorser in die Optentia-navorsingsfokusarea op die Vaaldriehoekampus, onlangs begewoon het.

Die doel met hierdie konferensie was om speel te herdefinieer en leer te herbedink, en sodoende 'n toekoms te bou waar leer-deur-spel kinders bemagtig om kreatiewe lewenslange leerders te word.

Volgens Mary word leer ontwrig deur die hedendaagse fokus op akademiese

prestasie, en word dit uiteindelik 'n hindernis vir optimale leer. Ouers dink dalk dat kritieke vaardighede soos lees, skryf en wiskunde vroeë en intense instruksie verg, maar navorsers is dit eens dat kreatiwiteit, kritiese denkvaardighede en die vermoë om uit foute te leer net so belangrik is en net deur spel aangeleer kan word.

Spel moedig 'n kind aan om te werk aan buigsamheid (om iets op 'n ander manier te sê of te doen), uitbreiding (om verder uit te wei oor iets wat gesê of gedoen word), en oorspronklikheid (om idees uit te dink waaraan niemand anders gedink het nie).



Prof Mary Grosser van die navorsingsfokusarea Optentia glo dat spel inherent deel is van 'n jong kind se aard, wat dit 'n baie beter manier van leer maak as 'n klaskamerkonteks waar die fokus streng op akademiese werk is.



## 'n Beter toekoms vir rugbyspelers

**DIE POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL** en die Eenheid vir Oop Afstandslêer op die Potchefstroomkampus het 'n vennootskap aangegaan met \*MyPlayers om te verseker dat rugbyspelers 'n toekoms sal hê om na uit te sien as die gloriejare verby is en die eindfluitjie die laaste keer geblaas het.

As gevolg van die hoë eise wat aan rugbyspelers gestel word, het hulle selde geleentheid om aan hulle studies aandag te gee terwyl hulle aktiewe spelers is.

In die lig hiervan is kursusse spesifiek ontwikkel vir sportmanne en -vroue, met inagneming van die tyd tot hulle beskikking, huidige en toekomstige behoeftes, en moontlike loopbane waarin hulle sou belangstel.

Die Universiteit-voorbereidingsprogram sal spelers ook help wat nie universiteitsvrystelling het nie.

*\*MyPlayers is die amptelike organisasie van professionele rugbyspelers in Suid-Afrika en bestuur hulle kollektiewe belange.*

## Regskliniek help arm gemeenskappe



**DIE AFGELOPE 32** jaar al lewer die Regskliniek op die Mafikeng-kampus dienste aan mense wat dit andersins nie sou kon bekostig nie.

In die dae van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana het die kliniek begin as 'n klein advieskantoor wat deur studentevrywilligers beman is.

In 1993 is die Wet op Prokureurs gewysig om dit vir kandidaatprokureurs moontlik te maak om hul klerkskap by 'n geakkrediteerde regskliniek te voltooi. Baie kandidaatprokureurs is sedertdien al toegelaat as prokureurs nadat hulle by die Regskliniek opgelei is.

Vandag is die kliniek deel van die Fakulteit Regte op die Mafikeng-kampus.

Hulle help kliënte met 'n verskeidenheid regs kwessies. Dit sluit in geskille oor toesig, sake oor huishoudelike geweld, arbeidskwessies, kontraktuele eise en grondkwessies. Kliënte word in howe – vanaf die Distrikslanddroshof tot die Hooggeregshof – verteenwoordig.

"Kliënte hoef niks te betaal vir die dienste wat gelewer word nie, maar in sommige gevalle kan ons hulle vra om by te dra tot sekere uitgawes," sê mnr Simon Rasikhalela, direkteur van die Regskliniek.



# Hul vingers is op die pols



Die konferensie, wat aan gesondheidsorgpraktisyns, opvoeders, wetenskaplikes en studente van regoor die wêreld die geleentheid gegee het om hul kennis met mekaar te deel, is amptelik geopen deur prof Mashudu Davhana-Maselesele, rektor van die Mafikengkampus.

**DIE DEPARTEMENT** Verpleegkunde op die Mafikengkampus het van 15 tot 17 April 2015 'n baie suksesvolle internasionale konferensie oor gesondheidswetenskap-onderrig by die Birchwood Hotel in Boksburg aangebied.

Prof Wendy Sword, een van die hoofspreekers, het die afgevaardigdes toegesprek oor tendense in hoër onderrig en die voorbereiding van toekomstige praktisyns. Prof Sword is die direkteur van die Skool vir Verpleegkunde en mededekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe by die Universiteit van Ottawa in Kanada.

Ander onderwerpe wat bespreek is, sluit in kapasiteitsontwikkeling in gesondheidswetenskappe, innovasie in wetenskapsbeoefening, en leierskap en verpleegkunde-praktijk: 'n Ubuntu-benadering.

Hoogwaardigheidsbekleërs wat die konferensie bygewoon het, het ingesluit me Qedani Mahlangu, LUR van Gesondheid in Gauteng, dr Magome Masike, LUR van Gesondheid in die Noordwesprovinsie, en me Daphney Mohube, uitvoerende bestuurder vir strategiese beplanning in die Departement van Onderrig in Noordwes.

## Ontwerp jou eie mobiele toepassings

**MINDER AS TWEE** jaar ná sy totstandkoming is die Vaal App Factory op die Vaaldriehoek-kampus reeds 'n entiteit om mee rekening te hou op die gebied van die gebruikmaking en kommersialisering van mobiele tegnologie.

Hierdie dinamiese eenheid is deel van die Skool vir Inligtingstegnologie. Hulle is besig met baanbrekernavorsing oor mobiele toepassings en stel entrepreneurs in staat om hul tegniese vaardighede op te skerp en die mark te betree as kenniskeppers op die voorpunt van die tegnologie.

Die App Factory leer studente om hul eie mobiele toepassings te ontwikkel. Die interaktiewe sessies is gratis en dek al die vaardighede wat nodig is om werkbare en kommersieel lewensvatbare toepassings te ontwikkel.

Die gratis opleidingsmodules sluit verskeie onderwerpe in, soos rekenaar-, web- en mobiele programmering, sowel as web-, grafika-databasis- en elektroniese ontwerp.

Die App Factory het reeds verskeie besigheids- en sosiale toepassings ontwikkel en geïmplementeer. Dit sluit in Cluedapp ('n aanlyn blokkiesraaiselgenereerder en speletjiesportaal), Peepklik ('n student-student- en student-studenteierskap-kommunikasietoepassing), die Lobola Calculator-toepassing, 'n parkeer-reserveringstelsel, 'n hospitaalspyskaart-toepassing en die MyPark-musiekverspreidingstoepassing.

## Xenofobie skaad ons toerismebedryf



**DIE ONLANGSE REEKS** xenofobiese aanvalle het die Suid-Afrikaanse toerismebedryf groot skade berokken.

Dit is bevestig in 'n studie wat onderneem is deur dr Lindie du Plessis van die navorsingsentiteit Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES) op die Potchefstroomkampus.

Lindie se navorsing het uitgeloop op nege faktore wat bydra tot die land se mededingendheid – in die oë van 271 toeroperateurs van

oral in die wêreld. Hierdie faktore is, in volgorde van belangrikheid: stabiliteit, ekonomiese voordele, handelsmerk en beeld, kookkuns, die "Afrika-ervaring", eienskappe, toeristedienste, lokaliteit en vermaak en aktiwiteite.

"Ons bevindinge wys dat stabiliteit die enkele belangrikste bydraende faktor tot Suid-Afrika se mededingendheid is. Voorvalle soos xenofobiese aanvalle veroorsaak vanselfsprekend dat ons onself nie as 'n stabiele land kan bemark nie," sê sy.



Die lede van die Senne-gesin is die trotse pa, Obakeng, ma Refilwe, en hulle "klein prinsessie", Obafilwe.

## OBAKENG SENNE

# Leer om die rande te rek



**AS DIT SLEG GAAN** met die ekonomie soek werkgewers na graduandi wat weet hoe om geld te spaar sonder om gehalte in te boet.

Een so 'n graduandus is aankoopspesialis, mnr Obakeng Senne, wat as BCom-student en studente-leier op die Vaaldriehoek-kampus geleer het om elke sent te laat tel.

"My ma was die enigste broodwinner en ek was die jongste van vier seuns, so ek het bitter min sakgeld gekry waarmee ek alles moes koop, insluitende my kos, en ek moes net eenvoudig daarmee uitkom," sê Obakeng.

In 2009 is Obakeng verkies as sportbeampte van die Thuthuka-koshuis. Later het hy primarius geword van Thuthuka, wat hom geleentheid gegee het om sy begrotings- en fondswerwingsvaardighede verder te slyp. Kort voor lank is hy verkies as penningmeester van die kampus se Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), en later was hy ook verantwoordelik vir die Kuns en Kultuur-portefeulje van die Institusionele VSR.

### Koelkop deur die lewe

Nog 'n vaardigheid wat Obakeng aangeleer het terwyl hy op universiteit was, was om "gemaklik te wees met ongemaklik wees". Dit het begin met sy besluit om sy tuisdorp, Potchefstroom, vir die Vaaldriehoek-kampus te verruil.

Tydens sy tweede studiejaar is sy ma oorlede. "Ek was besig met die eindeksamen, en ek moes maar net aangaan."

Dit was 'n moeilike tyd in sy lewe, maar dit het hom geleer om veerkragtig te wees en

hom nie van stryk te laat bring deur enigiets nie. Sy eerste werksdag is 'n voorbeeld daarvan. "Ek was deel van Eskom se graduandiprogram en hulle het my na die Kendall-kragstasie toe gestuur om daar as aankoper te werk. Ongelukkig het Eskom vergeet om die personeelbestuurder op Witbank in kennis te stel!"

Gelukkig het hy sy indiensnemingskontrak by hom gehad, en kort voor lank was hy besig om ratkaste en bakkieshysers aan te koop, skoonmaakdienste vir koeltorings te organiseer, en reëlings te tref vir die opknapping van geboue, damme en hyskrane.

### Koopkrag

Na 18 maande by die kragstasie was Obakeng vir 'n wyle senior aankoper by Rotek Engineering voordat hy aanbeweeg het na sy huidige werkgewer, Times Media Limited, wat die *Sunday Times* en *Sowetan* publiseer.

Dit is weereens 'n posisie waar sy begrip vir koopkrag nuttig te pas kom.

In samewerking met die maatskappy se finansiële stelselbestuurder en algemene finansiële bestuurder het Obakeng die verkrygings-proses en -stelsel ontwerp wat gebruik word vir die verkryging van alles – van kontrakte en sekuriteit tot media en IT-toerusting, en gebou-opknapping.

As hy nie besig is om sy werkgewer se hulpbronne so ver moontlik te rek nie, hou Obakeng daarvan om tyd te spandeer saam met sy vrou, Refilwe, wat hy beskryf as "my meisie van laer- en hoërskool, my vriendin, my suster, my vrou, ma van my klein prinsessie".

Die "prinsessie" is hulle babadogtertjie, Kgolagano Obafilwe Senne, wat verlede jaar op die dag voor Kersfees gebore is.

Daar is 'n goeie kans dat sy ook sal grootword met daardie benydenswaardige vermoë om dinge gedoen te kry en haar sente om te draai terwyl sy dit doen.

As 'n jong student het mnr Obakeng Senne geleer hoe om sy sente om te draai en uit te kom met min. Vandag gebruik hy hierdie vaardighede om sy werkgewer se hulpbronne so ver moontlik te rek.

### SY STUDIES



Obakeng het in 2011 'n BCom-graad in ekonomie en internasionale handel aan die Vaaldriehoek-kampus verwerf.



### SY LOOPBAAN

Hy het sy loopbaan as aankoper by Eskom se Kendall-kragstasie in Witbank begin, gevolg deur 'n kort tydjie by Rotek Engineering, wat ook aan Eskom behoort. Hy werk tans by Times Media Limited.

ADV SEDIRWA OSUPILE

## Van hofordonnans tot advokaat: 'N GELOOFSPRONG

Adv Sedirwa Osupile se passie vir die reg het hom gemotiveer om groot hindernisse te oorkom en sy LLB-graad ná 16 lang jare van studie te behaal. Dit terwyl hy bedags as hofordonnans en later as speurder gewerk het.

**RESPEK VIR DIE REG** en vertroue in die mense wat dit handhaaf, het adv Sedirwa Osupile, 'n voormalige hofordonnans, geïnspireer om 'n graad in regte te verwerf.

Een so 'n rolmodel vir Sedirwa was regter Mogoeng Mogoeng, 'n voormalige NWU-dosent en regter van die Noordwes-hooggeregshof en tans Hoofregter van Suid-Afrika.

"Mense soos hierdie het my geïnspireer toe ek as hofordonnans in Mahikeng gewerk het. Mens sien hoe hulle in die hof optree en dit inspireer jou. Dit het my 'n passie vir die reg laat ontwikkel."

### Oorkom hindernisse

Dit was in 1996 en Sedirwa was reeds in sy vroeë dertigs, met 'n vrou en vier kinders om voor te sorg op die salaris van 'n hofordonnans verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

Teen alle verwagtinge in het hy besluit om deelyds te begin studeer aan 'n LLB-graad.

Die maklikste deel van daardie besluit was dat die Universiteit van Noordwes, soos dit destyds bekend gestaan het, baie gerieflik in dieselfde straat as die hofgebou in Mahikeng geleë was.

"Dit was net 'n klipgooi ver. Ek sou van 08:00 tot 16:00 werk en dan klasse bywoon tot 22:00," sê Sedirwa.

Nóg meer uitdagend as om bedags te werk en snags te studeer, was die finansiële las wat hy moes dra.

"Ek het uit my eie sak uit vir my studies betaal. Dit is hoekom dit my so lank gevat het om my LLB-graad te voltooi. My vrou het nie gewerk nie, en ek moes die verband en ons ander uitgawes hanteer. As ek nie geld gehad het nie, moes ek my studies tydelik staak om eers weer geld bymekaar te maak. Dit was moeilik en uitputtend – 'n opdraandestryd – maar as jy iets begin, moet jy dit klaarmaak."

### Voltooi wat jy begin

Dit het hom 16 jaar gevat om klaar te maak, maar hy het dit gedoen. In 2013 het Sedirwa uiteindelik sy LLB-graad behaal. Hy het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om as advokaat toegelaat te word en daardie onderskeiding in Augustus 2013 behaal.

Sy kinders het intussen grootgeword. "My oudste seun is besig met 'n internskap in elektriese ingenieurswese en ek het 'n briljante dogter in matriek wat graag medies wil studeer."

### Slaan 'n ander koers in

Sy eie loopbaan het ook 'n paar veranderinge ondergaan. In 2006 is hy ná 11 jaar as SAPD-hofordonnans bevorder tot forensiese speurder. Drie jaar later het hy uit die SAPD bedank om as ingeskrewe klerk te dien en 'n praktiserende prokureur te word.

"Maar in 2010 het die Minister van Polisie 'n beroep gedoen op almal wat bedank het om terug te keer en in 2011 het ek weer aangesluit," sê Sedirwa. Sedertdien is hy 'n "aangewese polisiebeampte" verantwoordelik vir vuurwapen- en dranklisensies, en is hy gestasioneer by die Makgobistad-polisiestasie ongeveer 60 kilometer buite Mahikeng.



Sedirwa sê dit pla hom dat Suid-Afrikers nie altyd so wetsgehoorsaam is as wat hulle moet wees nie. “Ons moet leer om die reg te respekteer. Die huidige bedeling is anders. Vandag is ons gelyk voor die reg en ons moet dit respekteer.”

“Ek het my regsdienste aan die SAPD beskikbaar gestel en ek hoop om in daardie hoedanigheid ’n bydrae te kan lewer,” sê hy.

Deur dit alles het hy sy passie vir die reg behou. “Ek het geleer hoe die Grondwet werk en hoe Suid-Afrika geadminestreer word. Dit laat ’n mens trots voel.”

Sedirwa het ’n dubbele dosis respek vir die reg, as lid van die SAPD én as advokaat, en maak seker dat hy sy eie raad volg.

Hy het byvoorbeeld nie in die gewoonte verval om op ’n selfoon te praat of boodskappe te tik terwyl hy bestuur nie. “Ek is ’n polisieman – ek moet my oë ophou!”

Adv Sedirwa Osupile

## SY STUDIES



Sedirwa het in 2013 sy LLB-graad aan die NWU se Mafikeng kampus behaal.



## SY LOOPBAAN

Sedirwa het sy loopbaan as ’n SAPD-hofordonnans begin, en later ’n spurder geword. Hy het uit die polisie bedank om as ingeskrewe klerk te dien, maar het weer in 2011 aangesluit.





## Stel 'n voorbeeld

# vir die volgende geslag

LEOKA MPHUTHI

In 'n land waar ras dikwels mense se sienings oorkruis, is mnr Leoka Mphuthi verfrissend anders.

**HY EN SY** laerskoolleerders by Laerskool Vastrap in Rustenburg kan nie minder gepla wees oor kleur nie, sê mnr Leoka Mphuthi, alumnus van die Potchefstroomkampus.

“Jy kies waar jy wil inpas. Dit gaan oor die persoon wat die werk kan doen. Die kinders is al lankal verby die punt waar hulle my as ‘n swart onderwyser sien,” sê Leoka, wat Engels gee vir vyf graad 5-klasse en ook rugby, krieket en atletiek afrig.

“Ek het tydens my onderhoud vir die hoof gesê ek is hier om ‘n werk te doen. Die punt daarvan om ‘n onderwyser te wees, is om ‘n verskil te maak in kinders se lewens, om ‘n pa te wees vir kinders wat nie pa’s en ma’s het nie. Dit is hoekom ek eendag die minister van onderwys of die LUR vir onderwys wil wees. Ek wil ‘n verskil maak.”

Hy doen dit reeds, te oordeel aan sy onderwysloopbaan en die ander fasette van sy lewe tot dusver. Leoka het al van jongs af die vermoë om uit te reik na mense uit alle groepe van die samelewing.

### Gewoond aan verandering

“Ek is gebore in Bethlehem in die Vrystaat en het in Welkom begin skoolgaan, waar ek Tinkinkieland Preprimêre Skool bygewoon het,

wat hoofsaaklik Afrikaans en wit was. Toe ek in graad vier was, in 2001, het my gesin van Welkom af Carletonville toe getrek, waar ek in Westfields Primêre Skool was tot die einde van graad sewe en ook as prefek verkies is.”

Hoërskool Monument in Krugersdorp was die volgende bestemming in sy skoolloopbaan.

“Dit was my keuse,” sê Leoka, wie se huistaal Suid-Sotho is en wat altesame sewe Suid-Afrikaanse tale kan praat. “Ek wou die Afrikaanse taal en kultuur onder die knie kry, en watter beter manier is daar as om in ‘n Afrikaanse koshuis te bly?”

Hy het vyf jaar lank in die koshuis gebly, en was maar 12 jaar oud toe hy ingeskryf het in graad agt.

“Die aanpassing was nogal moeilik in die begin. Ek was ‘n jaar jonger as die ander, en swart – die enigste swart koshuisinwoner in graad agt – maar my kennis van die taal en tradisies het my gehelp. Dit het my tweede huis geword en ek het baie tuis gevoel daar. Dit is waar ek geleer het van orde.”

Toe Leoka 13 was, het hy reeds geweet dat hy sielkunde wou studeer; hy het ook geweet wáár hy dit wou studeer – op die Potchef-

### SY STUDIES



Leoka het ‘n graad in sielkunde en toerismebestuur aan die NWU se Potchefstroom-kampus behaal, gevolg deur ‘n nagraadse sertifikaat in onderwys.



### SY LOOPBAAN

Leoka gee Engels vir graad 5-leerders by Laerskool Vastrap in Rustenburg.





stroomkampus van die NWU. "My pa is 'n akademikus. Hy het nefrologie (die vakkundige studie van die nier) by die NWU studeer en is nou besig met sy doktorsgraad," sê hy.

Leoka het dus onmiddellik ná matriek ingeskryf vir 'n graad in sielkunde en toerismebestuur.

### Vryheid en diversiteit

"Ek was oorweldig deur die vryheid en die diversiteit op die kampus. Ek het goed gekliek met my medestudente en lekker ingepas," sê Leoka, wat verkies is op die HK van die Thaba-Jäh-dorpskoshuis vir 2011/12 én 2012/13. "Ek was ook op die jookomitee en het aan debatte deelgeneem. Potch was 'n goeie plek. Dit was alles wat ek sou wou hê dit moes wees."

Leoka was 20 toe hy sy eerste graad verwerf het. "My ouers wou weet of ek van plan was om te begin werk, maar ek sê toe nee, ek is nog heeltemal te jonk."

Hy het ingeskryf vir 'n Nagraadse Onderwysertifikaat op die Potchefstroomkampus, dit in 2014 voltooi en sy gradeplegtigheid so onlangs soos 5 Maart vanjaar bygewoon (enkele weke ná sy 23ste verjaarsdag).

"Volgende wil ek graag my honneurs in onderwys doen, en uiteindelik hoop ek om 'n doktorsgraad in onderwysbestuur te verwerf," sê Leoka, wat daarmee bevestig hoe ernstig hy daarvoor is om sy droom te verwesenlik om die minister of LUR van onderwys te word.

### Mense wat omgee

Dit blyk intussen dat Laerskool Vastrap 'n uitstekende plek is om sy waardes oor die lewe en onderwys in die praktyk toe te pas.

"Ons het mense nodig wat vriendelik is en vir mekaar omgee," sê Leoka. "Ek kom goed oor die weg met mense wat weet wat hulle wil doen, en ek het nie tyd vir traagheid, oneerlikheid en 'n gebrek aan integriteit nie."

Hy glo vas dat die kinders vir wie hy skoolhou vennote is, nie ondergeskiktes nie, en hy het min tyd vir die outydse siening dat kinders gesien moet word, maar nie gehoor moet word nie.

"Kinders is deel van ons, en ons as volwassenes en onderwysers is hul mentors en afrigters. Ek het dit by my ouers geleer – met wie ek 'n baie goeie verhouding het. Dit gaan oor die manier waarop mens met kinders praat en met hulle interaksie het. As ek pouses aan diens is, skop ek 'n sokkerbal rond saam met hulle. Ek verhef nooit my stem nie, en ek is altyd bereid om te help en te luister. Ek glo dit

is die klein dingetjies wat 'n groot verskil maak."

Leoka glo ook dat kinders moet leer om te kyk na die vraagstukke wat die samelewing of terughou, of vorentoe kan vat. "Ek sê vir die kinders hulle moenie net kyk nie, hulle moet sien; hulle moenie net hoor nie, hulle moet luister en waarneem en verstaan. Ek vertel vir hulle ons is deel van ons omgewing, en dat mens self kies waar jy inpas."

Hy leef hierdie lesse uit in die klaskamer en op die sportveld. Behalwe dat hy verantwoordelik is vir 'n rugbyspan by die skool, is hy ook bestuurder van die o. 13 Luiperdsrugbyspan in die Noordwesprovinsie en afrigter van die provinsie se o. 12-krieketspan.

Al hierdie dinge verklaar waarskynlik waarom sommige van Leoka se graad vyf-leerders in 'n onlangse artikel in *News24.com* aangehaal is waar hulle hom as die "coolste" onderwyser in die skool beskryf het.

"Hoekom hulle dit sê, is nie vir my om te antwoord nie," sê hy. "Dis soos om jouself 'n legende te noem. Vra eerder die kinders. Kinders is baie eerlik."

Mnr Leoka Mphuthi glo dat kinders nie ondergeskiktes is nie en dat dit die manier is waarop jy hulle behandel wat 'n verskil maak.



# Dié “liefeling” wys *dat sprokies waar kan word*

Dit mag dalk klink of me Verona Goslett se lewe 'n sprokiesverhaal is, maar in werklikheid is die sukses wat sy behaal het die gevolg van baie harde werk en haar bereidwilligheid om elke kans wat sy kry, aan te gryp.

**VIR BAIE MENSE** klink dit soos 'n moderne sprokie wanneer jy 'n rol in 'n bekende TV-sepie vertolk, die finale rondte in 'n TV-realiteitsprogram haal en jou eie TV-reeks vervaardig en aanbied.

Tog is dit die werklikheid vir me Verona Goslett, 'n “prinses” wat nie haar “koninklike rol” in die sprokie geërf het nie, maar dit deur harde werk verdien het.

Verona, alumna van die Vaaldriehoekcampus, was in 2013 die naaswenner van die realiteitsreeks *Jy is my Liefeling* op kykNet. Die vervaardigers van die film *Liefeling* het dié reeks gebruik om iemand te vind om die vroulike hoofrol in die verhoogproduksie van *Liefeling* te vertolk.

## 500 sit beste voetjies voor

Vir die realiteitsreeks is 20 meisies uit meer as 500 inskrywings gekies. Nadat die deelnemers op grond van hul sangvermoë en verhoogpersoonlikheid beoordeel is, is die groep na ses verminder. Uiteindelik was Verona een van die top twee wat meegeding het en het Liza Brönnner-Nel toe die gesogte rol losgeslaan.

Dié realiteitsprogram was nie die eerste buiging wat Verona op TV gemaak het nie. Die vorige jaar, in 2012, het sy die rol van Brionay in 'n paar episodes van die gewilde sepie, *7de Laan*, vertolk.

Verona sê sy was van kleins af versot op die toneelwêreld. “My ouers het my na talle musiekblyspele geneem. Ek het altyd in vervoering na die akteurs en dekor op die verhoog gekyk en vir myself gesê dis waar ek wil wees.”

## Aikona vir dié rol

Waar sy nie wou wees nie, was agter 'n mikroskoop in 'n laboratorium. “Ek het in 2010 eers BSc Biologiese Wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria begin studeer, maar het gou agtergekom dat dit glad nie vir my bedoel was nie.”

Aanlegtoetse het gewys dat sy uitblink in tale en van 2011 af het sy BA Kommunikasiestudies en Taalpraktyk aan die NWU se Vaaldriehoekcampus studeer, gevolg deur honneurs in joernalistiek in 2014.

Een van die dinge wat vir haar spesiaal is aan die Vaaldriehoekcampus, is dat hulle klasse in hul derde jaar en honneursjaar klein was. “Ons agt honneursstudente van heeltetal verskillende agtergronde het gehag aan mekaar geraak. Ons het ook goeie vriende met ons dosente geword – bande wat ons nog vir lank sal koester.”

## Besig, besig, besig

Verona beskou haarself as 'n rabbedoe wat lief is vir die buitelewe en graag die diere op hul wildsplaas dophou.



## *Vir altyd en ewig*

In haar honneursjaar het die energieke Verona kans gesien om 'n tv-produksie aan te pak saam met haar vriend, mnr Lewellyn du Plessis, 'n geleentheidskoördineerder.

Hulle was die vervaardigers, regisseurs, aanbieders en bemarkers van die produksie, *Vir Ewig & Altyd*. Dié program was oor alles wat met troues te doen het: van lokale en uitnodigings tot regsadvies en huweliksberading voor die groot dag.

Hulle beplan nie tans 'n opvolgprogram nie, maar is wel besig met ander produksies soos advertensies en musiekvideo's.





## HAAR STUDIES



Verona het van 2011 tot 2013 BA Kommunikasie-studies en Taalpraktyk aan die NWU se Vaaldriehoek-kampus studeer en in 2014 'n honneursgraad in joernalistiek behaal.



## HAAR LOOPBAAN

Sy werk tans by die streeks-radiostasie 90.6fm in Vanderbijlpark.



## Eendag, lank gelede was daar 'n prinsessie...

Verona is in Vereeniging gebore en het in Meyerton grootgeword.

“Ek was 'n 'nerd' en was van graad vier tot 11 dux-leerling van die skool. Ek het darem ook aan baie ander aktiwiteite deelgeneem soos hokkie, skoolkoor, Suid-Gautengse Jeugkoor (Colla Vocé), drama, sang en klavier.”

Op universiteit is dié slimkop ook as die beste eerstejaarstudent van die Fakulteit Geesteswetenskappe aangewys.

“Ek geniet dit ook om af en toe teiken te skiet met my boog of met my pa se jaggeweer. Verder doen ek gereeld een of ander nuwe 'foefie' wat in die mode is – van laslapwerk en brei tot verf, mosaïek, fietsry en dans.”

Sy is darem nie te besig om oor die toekoms te droom nie. “Ek wil baie graag eendag in 'n musiekblyspel soos *The Sound of Music* speel.” Nog iets op haar wenslysie is haar eie besigheid in korporatiewe kommunikasie – iets waaraan sy tans werk.

En onderaan die wenslysie is daar... sjokolade?

“Ja,” lag sy, “ek het 'n verslawing. Ek kan glad nie enige vorm van sjokolade weerstaan nie. Dit het al menige huismoles veroorsaak omdat my pa aan dieselfde kwaal ly.”

Maar nou ja, vir iemand wat 'n sprokieslewe lei is 'n sjokolade op 'n fluweelkussing seker nie te veel gevra nie?



## Die wêreld anderkant die boeke

Verona sê haar laaste jaar by die NWU het haar vir seker voorberei vir die werksomgewing. “Dit was die moeilikste, maar tog ook die leersaamste jaar van my hele tyd by die NWU en ek sal dit vir niks verruil nie,” sê sy.

Haar harde werk het darem gou vrugte afgewerp, want in Desember 2014 is sy as nuussamesteller en -leser by die radiostasie 90.6fm aangestel. Sy doen ook gereeld advertensie-stemwerk en as sy die geleentheid kry gaan sy ook vir oudisies vir verskeie verhoog en tv-produksies.

Die wêreld van werk – en veral die joernalistiek – is nie vir sissies nie. “Een ding waarvoor studies 'n mens nie voorberei nie is die werklikheid van 'n roetine.

“Dit is byvoorbeeld om al vieruur of vyfuur op te staan om gereed te maak vir werk en dalk eers weer ná sononder terug te kom. In die geval van 'n joernalis kan ure nog boonop wissel en kan jy dalk tot laataand werk.”

# Volg in 'n wyse man se voetspore

Toe mnr Pule Mothibe sy loopbaan begin het, was hy die eerste swart Afrikaan met 'n rekenmeesterskwalifikasie by die maatskappy waarby hy in Mahikeng aangesluit het. Vandag is hy die hoof van mensekapitaal en 'n vennoot in die ouditeursfirma, PwC.

**HOE HET DIE TYE** nie verander sedert die dae toe mnr Pule Mothibe, hoof van Mensekapitaal by PwC, nog studeer het om 'n geoktrooieerde rekenmeester (GR) te word nie.

"In die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare was daar net 'n handjievol swart kandidate wat honneursgrade in rekeningkunde verwerf het. Enkele jare gelede nog was minder as 20% van ons inname by PwC swart. Nou is meer as 50% van ons kandidate in Gauteng swart Afrikane, Kleurlinge of Indiërs, en ons beweeg in die rigting waar nuwe werknemers een van die dae die demografie sal weerspieël."

Pule is op meer as net één manier deel van die beroep se transformasie.

Terwyl baie jongmense deur geld en geleenthede gemotiveer word om 'n bepaalde loopbaanrigting in te slaan, was Pule se motivering om die land se eerste swart GR, prof Wiseman Nkhulu, te vereer deur in sy voetspore te volg.

"Ek onthou 'n spesifieke loopbaanvoorligtingssessie toe ek nog in Mmabatho High was. 'n Gas het ons kom toespreek oor geoktrooieerde rekeningkunde en hy het melding gemaak van prof Nkhulu. Dit het ons laat wonder: Hoekom is dit 'n witmensberoep? Kom ons doen dit ook!"

## Eenvoudig en verstaanbaar

Nadat hy vlugtig Ingenieurswese by Wits studeer het, het Pule ingeskryf vir 'n BCom-graad aan die voormalige Universiteit van Bophuthatswana (Unibo).

Ongelukkig was Unibo, soos die meeste ander historiese swart universiteite vóór 1994, nie geakkrediteer by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters nie. Unibo kon dus nie die Sertifikaat in die Teorie van Rekenmeesterskap (STR) aanbied nie, wat 'n belangrike stap is in die proses om as GR te kwalifiseer. Om hierdie rede het Pule sy studies by die Universiteit van Natal voortgesit.

Sy BCom-studies sou egter nie sy laaste kontak met Unibo wees nie. Van 1993 tot 1995, terwyl hy besig was met sy klerkskap in

Mahikeng, het Pule teruggekeer as deeltydse dosent in rekeningkunde. "Die universiteit het 'n tekort aan dosente gehad en my gevra om uit te help. Dit was my alma mater, en dit was baie vervullend om iets te kon teruggee."

## Om eerste te wees

Sy rol as deeltydse dosent was nie ál wat sy klerkskap onvergeetlik gemaak het nie. Toe hy by Coopers Theron du Toit (wat later PwC geword het) aangekom het, was Pule die eerste swart Afrikaan met 'n STR-kwalifikasie.

"Dit het my onmiddellik 'n rolmodel en 'n mentor gemaak; iets wat met sy eie uitdaginge gepaardgaan, maar wat my baie geleer het," sê Pule, wat in 1997 as GR gekwalifiseer het.

Hy het 'n vennoot geword in 2003 en is vyf jaar gelede gevra om op die firma se uitvoerende komitee vir Suider-Afrika te dien.

"Dit het baie vir my beteken," sê Pule, en verduidelik dat die uitvoerende komitee uit 10 vennote bestaan wie se taak dit is om die besigheid in Botswana, Malawi, Mosambiek, Namibië, Suid-Afrika, Swaziland en Zimbabwe te bevorder.

## SY STUDIES



Pule het 'n BCom-graad aan die voormalige Unibo behaal en 'n Sertifikaat in die Teorie van Rekenmeesterskap aan die Universiteit van Natal. Hy het in 1997 as geoktrooieerde rekenmeester gekwalifiseer.



## SY LOOPBAAN

Pule het sy loopbaan by Coopers Theron du Toit begin, wat later PwC geword het – een van die "groot vier" ouditeursfirmas in Suid-Afrika. Hy het in 2003 'n vennoot geword en vyf jaar gelede lid van die firma se uitvoerende komitee vir Suider-Afrika geword. Hy is tans hoof van Mensekapitaal.



“HOE JY JOUSELF GEDRA, IS VAN DIE UITERSTE BELANG. JY MOET NIE OORKOM AS ‘N WYSNEUS NIE. NEDERIGHEID IS BAIE BELANGRIK.”

– MNR PULE MOTHIBE –

## Waardevolle lesse geleer

Pule het reeds vroeg in sy loopbaan lesse geleer wat vandag nog waardevol is. Een hiervan is dat al is soliede tegniese vaardighede baie belangrik in die beroep, die sagter vaardighede ook onontbeerlik is. Dit sluit in spanwerk, om oor die weg te kom met mense, konflikthantering en die vermoë om situasies akkuraat te lees en daarvolgens te hanteer.

“Hoe jy jouself gedra, is van die uiterste belang. Dis byvoorbeeld belangrik om nie oor te kom as ‘n wysneus nie. Nederigheid is baie belangrik in die lewe. Daar is altyd iets wat mens by elke ander persoon in die vertrek kan leer. Om *Desiderata* (Max Ehrmann se gedig uit die jare twintig) aan te haal: ‘Speak your truth quietly and clearly; and listen to others, even the dull and ignorant; they too have a story to tell’.”

“Nog ‘n les wat ek ter harte geneem het, is om nie jouself met ander mense te vergelyk nie. Anders is jy óf gedurig besig om te probeer bybly by iemand ‘beters’ óf jy dink jy het gearriveer in vergelyking met jou ‘minderes’. Vind eerder jou eie plekkie in die son en fokus daarop.”

“Om op die komitee te dien, beteken dat jy waarde toevoeg tot die besigheid en beskou word as iemand met die potensiaal om voort te gaan om waarde toe te voeg.”

Pule is ook ‘n raadslid van die onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure, wat die gedeelte van die rekeningkundeberoep reguleer wat te make het met openbare rekeninge – die oudit van staatsbondsde organisasies – in Suid-Afrika.

### Groen vingers

Daar is ook ‘n paar ander fasette aan sy lewe – as ‘n eggenoot, pa van tweelingdogters en ‘n entoesiastiese tuinier. “Ek kweek my eie spinasie; ek het jare laas by die winkel daarvan gekoop,” sê Pule, wat aanklank vind by die beginsel van eie voedselproduksie en volhoubare boerdery.

Sy liefde vir tuinmaak kom van kleintyd af. “My ma het ons altyd in die middae na skool in die groentetuin laat werk; deesdae gaan ek tuin toe om te ontspan. Ek kry nie altyd in die week baie tyd vir tuinwerk nie, maar naweke is ek ten minste twee ure per dag in die groentetuin.”

As hy die dag aftree as rekeningkundige sal hy dalk sy sakrekenaar vir plaasimplimente verruil en sy hand aan volhoubare landbou waag. Dit is immers ‘n logiese volgende stap: eers laat hy die rekeningkundeberoep groei, en daarna laat hy plante groei.



ADELE ROSSOUW

# Van skooljuffrou tot skaapskeerder

Agt jaar gelede het me Adele Rossouw die klaskamer vir die skaapkraal verruil en vandag spog haar onderneming, Il Paradiso-skeer-dienste, met 'n stewige kliëntebasis en 'n goeie reputasie.

**DIE DAE IS VERBY** dat skaapboere se oë rek as dié fyn blondine saam met haar skaapskeerspan op die plaas opdaag.

Dit is nie net me Adele Rossouw se sjarmante glimlag wat haar kliënte oorrompel nie, sy is ook bekend vir haar behendigheid as sakevrou – en natuurlik ook vir die feit dat sy 'n skaap kan vang as dit moet.

Sy beduie: “Jy vang die skaap se linker agterpoot met jou regterhand. Dan trek jy die skaap hard na jou toe sodat sy van balans af is. Daarna sit jy jou linkerhand onder haar nek en dop jy haar om sodat sy sit.”

Vir Adele is 'n dag op die skeervloer net nog 'n gewone dag by die werk.

Nee, lag sy, sy skeer nie self die skape nie, al het haar voorman haar die fynere kunsies van skaapskeer geleer.

As jy goed kan skeer, fiks is en in oefening, vat dit gemiddeld so drie minute om 'n skaap te skeer, sê sy.

## Van swartbord tot skaapkraal

Adele het van kindsbeen af 'n liefde vir skape en skaapboerdery. Sy het immers op 'n plaas grootgeword en meen boerdery is in haar

bloed. Ná matriek het sy egter besluit om onderwys te studeer en die familieplaas naby Clarens in die Vrystaat verruil vir onderwys-studies by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) – vandag die NWU se Potchefstroom-kampus.

As deel van die eerste groep eerstejaarstudente in Minjonet-dameskoshuis (2001) dink sy met heimwee terug aan haar studentejare en koester sy kosbare herinneringe. “Die studentelewe was 'n wonderlike sorgelose tyd. Potch was net ongelooflik,” sê sy.

As student was sy van haar eerstejaar af lid van die komitee van die Studente Jool Gemeenskapsdiens. Sy het in 2003 haar BEd studies voltooi en die volgende jaar in Witbank begin skoolhou.

Dit was egter nie lank nie of die mooi onderwyseres beland weer op 'n plaas toe sy met Francois, 'n boer in die distrik, trou. Agt jaar gelede, met die koms van haar eerste kind, Naudé, het sy die klaskamer vaarwel geroep, maar van huishou het daar min van gekom, want die boerdery het geroep.

## Carpe diem – gryp die dag

Adele het in 2011 haar eie skaapskeerdien in





## HAAR STUDIES



Adele het in 2003 'n BEd-graad aan die voormalige PU vir CHO behaal.



## HAAR WERK

Nadat sy aanvanklik in Witbank skoolgehou het, het sy haar eie sake-onderneming, Il Paradiso-skeerdienste begin.

## Sleutels tot sukses

Om te verseker dat jy bekwaam is in wat jy doen, is een van die belangrikste sleutels tot sukses, sê Adele. Nie net vir haar nie, maar ook vir haar skaapskeerders. Dit is vir haar nie net belangrik dat haar skeerders goed opgelei en fiks is nie, maar ook dat hulle lief is vir diere, want "dan werk hulle mooi met die skape".

Haar raad aan ander entrepreneurs? "Moet nooit moed opgee nie. Al voel dit asof dinge nie wil reg werk nie. Hou moed en hou aan. Mik hoog. Gee jou alles," sê sy kort en kragtig.

Mpumalanga begin. Die diens was geskoei op dit wat haar pa die vorige jaar in die Vrystaat begin het.

Sy sê dit was 'n uitdagende tyd, maar iets wat sy met albei hande aangegryp het. "Toe ons begin het, was ek vreeslik bang en onseker, maar ek het dit gou oorkom. Ek het geweet groot dinge gaan vir ons gebeur, omdat Jesus aan die stuur van ons besigheid is."

In die eerste dae van Il Paradiso-skeerdienste het sy met geleende toerusting en drie skaapskeerders gewerk, maar vandag skeer haar twee skeerspanne van agt skeerders elk meer as 100 000 skape per jaar.

### Skaapkinders en rêrig kinders

Deur die jare het Adele haar eie skaapkudde opgebou en vir haar is dit een van haar gunstelingtjies van die dag as sy hulle saans kraal toe roep. "Hulle ken my stem. Ek roep hulle kraal toe soos kinders – hulle soek ook maar aandag," lag sy. "Ek glo die ooie in my kudde het elkeen 'n eie persoonlikheid."

Haar eie kinders geniet die plaaslewe en skrik nie daarvoor om saam met Ma tussen die stof en skape te baljaar nie. Haar dogtertjie, Luné, is vyf jaar oud en word saam met die onderneming groot.

Adele en Francois is binnekort 10 jaar getroud en met dié steunpilaar aan haar sy, sien sy daarna uit om die besigheid uit te brei en nog hoër hoogtes te bereik. "Aanhouer wen is die belangrikste les wat ek geleer het," sê sy.

En om 'n skaap te vang, natuurlik.

## Uitdagings en hoogtepunte

"Die uitdagings sak op 'n daaglikse basis op jou toe, maar dit gaan oor hoe jy dit hanteer en oplos. My werk is absoluut lonend. Onthou, as jy 'n liefde en passie vir iets het, los jy makliker 'n situasie op," gesels sy.

Adele se taak strek van administrasie tot by die klas van skape, koop van ramme en inspeksie van die vloer in skeertyd. Hiervoor het sy 'n Springbokkop in wolklassering verwerf – iets wat sy as 'n hoogtepunt in haar loopbaan beskryf. Dit is die hoogste kwalifikasie in die identifikasie, tipering, groepering, klassering, klas-standaarde en verpakking van wol.

Sy het ook verskeie kursusse voltooi, waaronder twee skaaphanteringskursusse by Grootfontein Landboukollege. Adele is ook 'n junior Dormer-en Dohne Merino-keurder. (Dormer en Dohne is soorte Merino-skape.)

Nog 'n hoogtepunt was om verlede jaar een van die top vyf in Sanlam en *Landbouweekblad* se landbou vroue-entrepreneurskompetisie te wees.



As groentjie in die bedryf moes Adele meer as een skaap self vang om 'n skeptiese boer te oortuig die vrou bedoel besigheid.


DR PIETER BARNARD

## Sy voetspore lê wyd

Sedert sy studies in Potchefstroom het dr Pieter Barnard spore getrap in baie lande en op verskeie kontinente. Vandag kyk hy terug op 'n lang en vrugbare loopbaan.



Pieter en Elza Barnard bly in St Albans, Missouri, in Amerika.



Pieter en Elza kuier saam met hulle kinders, Marika en Johan Mitchell en hulle kleindogter, Carissa. Terwyl die Mitchells nog in Kanada gebly het, het hulle almal saam vir 'n week by 'n meer in die berge vakansie gehou.



Kleindogter Carissa terwyl hulle nog in Kanada gebly het.



Pieter, Elza en hulle kleindogter, Carissa, hou vakansie in Dollywood in die Smokey Mountains in Tennessee.

### Langs die Mooirivier

So onthou Pieter sy dae in Potchefstroom: "Ek het in die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK) se Sakkie Meyer-koshuis gewoon, aangesien ek 'n onderwysbeurs gehad het. Ek was 'n Nasionale Volkspeler en het op die Kultuurraad van die POK gedien. Ek het ook vir die tweedespan van die POK hokkie gespeel."

### SY STUDIES



- BSc in geologie (1971), HonsBSc in geomorfologie (1974) en MBA (1978), voormalige PU vir CHO
- DCom in ondernemingsbestuur, voormalige Randse Afrikaanse Universiteit (1990)
- 'n Kursus in finansiële bestuur, Stanford Universiteit, Kalifornië (1996)



### SY LOOPBAAN

Pieter begin sy loopbaan in Meyerton in 1972 as kwaliteitsbeheer ingenieur by 'n onderneming wat later deel van GrafTech sou word. Hy eindig sy loopbaan as hoof uitvoerende beampste vir die Industrial Materials-afdeling van die internasionale reus, Graftech International.





**NADAT HY VIR JARE** in die voorste linies van 'n 1,5-miljarddollar internasionale maatskappy gestaan het, is dit geen wonder dat dr Pieter Barnard ná sy aftrede steeds as konsultant sy kennis en ervaring wil deel nie.

Pieter, 'n alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) was vir sewe jaar die hoof uitvoerende beampte vir GrafTech International se Industrial Materials-afdeling voor hy in November verlede jaar afgetree het.

Hy en sy vrou, Elza, woon tans in St Albans, Missouri, van waar hy konsultasiewerk vir privaat ekwiteitmaatskappye doen. (Dié maatskappye belê in ander maatskappye deur bedryfskapitaal te voorsien vir byvoorbeeld uitbreiding of die ontwikkeling van nuwe produkte.)

### Eerste treë

Pieter was 'n "Gepukte Poot" – met ander woorde hy het deur die voormalige Potchefstroomse Onderwyskollege (POK of "Pote") aan die PU vir CHO studeer.

In 1968 het hy sy eerste treë as jong BSc-student op die kampus gegee en in 1972 het hy by EMSA Pty Ltd in Meyerton as kwaliteitsbeheeringenieur begin werk. Terwyl hy daar was, het hy deelyds sy honneursgraad in geomorfologie en 'n MBA-graad by die PU vir CHO voltooi. EMSA was 'n gesamentlike onderneming van Samancor en Union Carbide, en die grafiet-afdeling van laasgenoemde het later GrafTech International geword.

Terwyl Pieter in Suid-Afrika vir GrafTech gewerk het, het hy reeds goeie buitelandse blootstelling gekry.

"In 1986/1987 het ons vir 'n jaar in Columbia, Tennessee gewoon waar ek bestuursopleiding ontvang het. Ons dogter, Marika, was toe in

graad vyf en het daar skoolgegaan. Dit was haar eerste blootstelling aan die Amerikaanse kultuur," vertel Pieter.

### Die wêreld is sy woning

Sy eerste oorsese aanstelling was in 1994 toe hy Direkteur: Bedryf vir Europa, Asië, Midde-Ooste en Afrika geword het. Sy kantoor was in Parys, Frankryk, waar hulle gebly het tot in 1997, toe hulle na Tennessee in Amerika verhuis het.

Terwyl hy vir GrafTech in Amerika gewerk het, is hy 'n paar keer bevorder totdat hy in 2008 hoof uitvoerende beampte van GrafTech Industrial Materials geword het.

Gedurende hul verblyf in Amerika het die Barnard's agt jaar in Tennessee gebly en nege jaar in Ohio. Tans bly hulle in St Albans.

### 'n Knus holte vir sy voet

"St Albans is 'n historiese dorpie en dit grens aan die Missouri-rivier wat in die Mississippi-rivier vloei. Ons woon so 15 kilometer van ons kinders af. Ons dogter, Marika Mitchell, haar man, Johan en hulle dogter, Carissa, woon in Wildwood," sê Pieter.

Nadat Marika en Johan in 2009 Kanada toe getrek het, het hulle vir drie jaar in Mississauga, net buite Toronto, gewoon. In 2012 is hulle Memphis, Tennessee toe en in 2013 is Johan na St Louis, Missouri verplaas.

Nes die Barnards lê die Mitchells se wortels ook in Potchefstroom. Marika het teologie by die voormalige PU vir CHO studeer. Sy het 'n honneusgraad in huweliks- en gesinsberading in Vanderbijlpark en daarna 'n meesters- en doktersgraad in pastorale berading in Potchefstroom behaal.

Johan het 'n diploma aan die Landboukollege op Potchefstroom verwerf, gevolg deur 'n graad in landbou aan die voormalige Pretoria Technikon en 'n MBA by UNISA. Hy is tans die visepresident vir kredietbestuur by RABO Bank in St Louis. (RABO Bank is die grootste landboubank in die wêreld.)

NA BLADSY 34

## Ons, Uncle Sam en die Eiffeltoring se mense

“Die kultuur, kos en werksetiek van die Amerikaners verskil nie baie van dié van Suid-Afrikers nie. Dit is dus nie moeilik vir Suid-Afrikers om hier in die sakewêreld aan te pas nie.

“Amerika is ’n groot land en het ’n geweldige verskeidenheid van produkte om uit te kies en interessante plekke om te besoek. Ons het maklik aangepas en geniet dit om hier te woon.

“Die Franse is baie meer teoreties ingestel as die Suid-Afrikers en Amerikaners. Hulle bevraagteken oor die algemeen alles. Sodra hulle egter verstaan hoekom hulle ’n sekere taak

moet uitvoer, doen hulle dit deegliker as die meeste mense in die wêreld.

“Dit neem lank om vriende te maak in Frankryk, maar sodra ’n mens vriende gemaak het, het jy hulle vir ’n leeftyd. Ons het nog baie goeie vriende daar en is baie lief vir die land.

“Daar is nie baie lande in die wêreld wat so ’n verskeidenheid hoëkwaliteit-dinge aanbied soos Frankryk nie. (Argitektuur, geskiedenis, kuns, musiek, sport, natuurskoon, kos, infrastruktuur en selfs verfynde stakings!) Die lewenskoste in Frankryk is net baie hoër as in Amerika of Suid-Afrika.”

VAN BLADSY 33

Pieter se vrou, Elza, het aan die voormalige POK studeer en terwyl hulle nog in Suid-Afrika was, was sy ’n biologie- en huishoudkunde-onderwyseres. Elza is baie kunstig en is ook lief vir tuinmaak. As voorslag-tuinier het sy ’n Master Gardener-sertifikaat in Tennessee verwerf.

### Spore in die gemeenskap

Pieter en Elza is ook as vrywilligers betrokke by die agtjarige Carissa se skool. “Gemeenskapsbetrokkenheid is vir my baie belangrik,” sê Pieter.

Voor hulle weg is uit Suid-Afrika was hy lid van 17 verskillende rade en verenigings en het hy die Paul Harris Fellow-toekenning van Rotary International ontvang vir sy bydrae tot die gemeenskap.

Kyk ’n mens terug op Pieter se ryk loopbaan, is dit duidelik dat sy spore wyd lê. Dit strek oor verskillende kontinente en lande, maar lê ook diep in die harte van die gemeenskappe waarby hy betrokke was en steeds is.

Die topbestuur van GrafTech vier die 125ste bestaansjaar van die maatskappy in 2012. Pieter is in die voorste ry, derde van links.



## GrafTech: van toeka tot nou

GrafTech is in 1886 begin as die National Carbon Company. Vandag bestaan GrafTech uit twee hoofafdelings, naamlik GrafTech Industrial Materials en GrafTech Engineered Solutions.

Die maatskappy, met sy hoofkantoor in Independence, Ohio, spog met die gevorderdste koolstof- en grafiet-navorsingsgeriewe in die wêreld.

Hulle voorsien produkte aan die volgende industrieë: staal, ferro-allooi, petrochemies, energie, grafiet, olie en elektronies (vir rekenaars, selfone en TV’s).

GrafTech verkoop produkte in meer as 80 lande en het vervaardigingsfasiliteite in Amerika, Mexiko, Brasilië, Frankryk, Italië, Spanje en Suid-Afrika. Hulle het ook kantore in Switserland en China.

### DIE BOONSTE SPORT VAN DIE LEER

As hoof uitvoerende beambte van GrafTech Industrial Materials het Pieter die volle verantwoordelikheid gedra vir die wins en verlies van ’n 1,5-miljarddollar besigheid.

Pieter was een van die vyf topbestuurslede van GrafTech International en ook voorsitter van drie van die internasionale filiale, naamlik Italië, Mexiko en Suid-Afrika.





As deel van 'n akademiese projek het mnr Liam Longland mense se reaksies op verskeie stereotipes getoets deur hom as 'n modebewuste persoon (hipster), bleeksiel, stoute seun, boer en sportiewe jongman voor te doen.

PROJECT  
FREQUENCY OF  
ATTRACTION

PROJECT  
FREQUENCY OF  
ATTRACTION

# Trek jy aan OF STOOT JY WEG?

**MAN OF MUIS, HINGS OF LUIS?** Ons word daagliks gebombardeer met verskeie stereotipes – hetsy deur die media of as gevolg van die menslike geneigtheid om alles en almal in boksies te plaas.

'n Finalejaar-grafieseontwerpstudent van die Skool vir Kommunikasie-studies op die Potchefstroom-kampus het verlede jaar besluit om stereotipering en die effek daarvan op romantiese verhoudings te ondersoek en te bevraagteken.

## Kunsprojek bekyk vooroordele

Mnr Liam Longland se projek, "Frequency of Attraction" het uitvoerende kuns sowel as 'n fisiese kunswerk behels.

"Die eerste deel van my projek was uitvoerende kuns waartydens ek elke maand as 'n ander soort stereotipe geleef en opgetree het.

"Die tweede deel van die projek is 'n konsepsuele selfportret van elke stereotipe wat gebaseer is op die resultate van elke maand se ondersoek," vertel hy.

## Boek is inspirasie vir projek

Die projek was deel van die vierdejaarstudente se illustrasie-module. Studente is gevra om een

konseptuele kunswerk te produseer wat oor 'n jaar aan gewerk is. "Ons moes die ekwivalent van vyf kunswerke produseer. Ons het vrye teuels gehad om te doen wat ons wou."


Liam sê die boek, *Laws of attraction* van Rhonda Byrne was die inspirasie vir die projek. "Sy voer aan dat alles op aarde 'n sekere frekwensie uitstuur. Die frekwensie wat jou gedagtes uitstuur het die vermoë om dinge met dieselfde frekwensie na jou toe aan te trek. Soort trek soort aan."

Hy sê ná hy dit gelees het, het hy begin wonder waarom seker mans meer suksesvol is wanneer dit by die romantiese sy van die lewe kom as ander. "Ek wou weet wat maak die suksesvolles meer gewild en aantreklik. Indien een stereotipe meer meisies of ouens aantrek as die ander, moet hulle volgens Byrne se aannames verskillende frekwensies uitstuur en aantrek," sê hy.

"Ek wou kyk of ek hierdie frekwensies kon meet, en wou sien of dit 'n meetbare verskil sou maak in hoe aantreklik ek vir ander is as ek my telkens as 'n ander soort stereotipe voordoen."

NA BLADSY 36

Liam Longland se selfportrette illustreer hoe die verskillende stereotipes mense aantrek.



Liam het die navorsingsresultate visueel probeer voorstel. "Ek het 'n grafiek gebruik om die resultate uiteen te sit. Die lyn op die grafiek is dan gebruik as 'n optiese illusie waarin die selfportret versteek is."

VAN BLADSY 35

### **Stereotipe word tydelike leefwyse**

Liam het vyf stereotipes gekies vir sy projek. Hy het tydens die projek vir vyf maande die skoene van onderskeidelik 'n modebewuste persoon (hipster), bleeksiel, stoute seun, boer en sportiewe jongman volgestaan.

Hy sê elkeen van hierdie stereotipe karakters het 'n unieke klerekas gehad en hy het selfs dramalesse geneem om elkeen se aksent en houdings presies reg te kon vertolk.

Die voorbereiding het nie net goeie toneelspel vereis nie – Liam het sover gegaan om ook sy liggaam te verander sodat hy meer geloofwaardig kon wees. "Ek het byvoorbeeld min geëet sodat ek 'n maer bleeksiel kon wees en weer my dieet aangepas en begin oefen om 'n geloofwaardige sportiewe, gesondheidsbewuste jongman te kon wees."

"Dit het baie voorbereiding en beplanning geverg, omdat daar vir elke stereotipe 'n karakter geskep moes word wat geloofwaardig én oortuigend was. Ek het vir drie weke my portuurgroepe se reaksies op kampus getoets voor ek dan vir een aand na 'n kuierplek in die stad gegaan het en vreemdelinge se reaksies getoets het."

Hy het hulle reaksies getoets deur met hulle kennis te maak en te flanker om te sien of hulle hom aantreklik vind. Die resultate is gemeet aan die hoeveelheid selfoonnommers wat hy dan op die spesifieke aand van mense wat terugflankeer het, kon bymekaarmaak.

### **"Mense is oppervlakkig"**

Hy sê hy het gevind dat mense baie oppervlakkig is. "Selfs net die klere wat mens aan het, het reeds 'n invloed op mense se reaksie teenoor jou."

Hy sê hy het 'n skaal van positiewe en negatiewe ervarings gebruik om die mate van sukses van elke stereotipe te bepaal. Dié skaal was nie net gebaseer op die hoeveelheid suksesse wat elke stereotipe op sy aand in die kuierplekke behaal het nie, maar ook op die terugvoer wat hy van portuurgroepe ontvang het.

"As ek die stereotipes met mekaar vergelyk, was die stoute seun die meeste suksesvol en die sportiewe gesondheidsbewuste die minste. Die modebewuste was tweede, die boer derde en die bleeksiel vierde."

### **Interessante bevindinge**

Liam sê hy het gehoop om algemene stereotipes verkeerd te bewys. "Dit wil egter voorkom of ek dit net bevestig het."





Dit was egter vir hom 'n verrassing dat die sportiewe ou so laag op die op die ranglys was. Die modebewuste ou (hipster) was baie gewild. Hy was die enigste stereotipe wat deur beide mans en vroue aantreklik gevind is en Liam het van beide geslagte aftrek gekry toe hy hom so voorgedoen het.

Hy sê toe hy as bleeksiel geleef het, is hy deur 'n meisie verwerp wat eers toe hy haar as modebewuste teëgekom het, toenadering gesoek het.

### Projek lei tot selfontdekking

Die projek het 'n groot persoonlike impak op Liam gehad. "Ek het myself ontdek. Dit het my die geleentheid gegee om uit my gemaksones te beweeg en self ook te bepaal van watter eienskappe van elke stereotipe ek hou."

Hy sê hy kon ná die tyd besluit watter eienskappe hy wou behou. "Dit was 'n selfontdekkingsreis waartydens ek myself baie beter leer ken het," vertel hy.

"Ek glo die projek het bewys dat 'n mens kan verander. As daar eienskappe van jouself is waarvan jy nie hou nie, lê die mag by jou om die verandering te maak."

Hy hoop die projek sal mense herinner dat ons in 'n samelewing woon waar stereotipering – hoewel dit onregverdig is – 'n beduidende rol speel in hoe mense na mekaar kyk.

## Planne vir die toekoms

Liam sê hy sou graag sy projek wou voortsit.

"Daar is baie moontlikhede om met soortgelyke projekte mense beter te bestudeer en te ontleed. Omdat die doel van die projek was om 'n konseptuele kunswerk te maak, is daar minder aandag gegee aan 'n wetenskaplike werkswyse.

"Indien so 'n eksperiment meer gekontroleerd kan plaasvind, glo ek dat die resultate 'n beter bydrae kan lewer tot beide sielkundige en antropologiese vakrigtings."

## Navorsers plaas *Fanagalo* in kollig

Me Natasha Ravyse se meestersgraadstudie oor die status van Fanagalo in Suid-Afrika het haar die Visekanseliersmedalje tydens die NWU se navorsingstoekening-seremonie vir 2014 besorg.

Fanagalo, die taal wat Suid-Afrikaanse myners praat, was onlangs die onderwerp van 'n meestersgraadstudie by die NWU.

**ME NATASHA RAVYSE**, 'n PhD-student op die Vaaldriehoekskampus, glo dat soveel teorie oor die handhawing van taal gebaseer is op hoofstroomtale dat die subkulturele tale dikwels oor die hoof gesien en gemarginaliseer word.

Daarom dat sy besluit het om 'n baanbrekende meestersgraadstudie te doen oor die gebruik van Fanagalo, die mengeltaal wat deur mynwerkers van verskillende nasionaliteite en moedertale onder mekaar gepraat word. Fanagalo is 'n vereenvoudigde taal wat in die eerste helfte van die negentiende eeu ontwikkel is om kommunikasie tussen sprekers van Engels, Afrikaans en Zoeloe te fasiliteer.

Bykans elke subkultuur het sy eie taal. Golfspelers, vragmotorbestuurders, kelners, navorsingswetenskaplikes – almal van hulle het 'n unieke kode, 'n taal wat hul gemeenskap definieer.

### Drie redes vir studie

"Daar was drie redes vir my besluit om navorsing te doen oor Fanagalo as 'n subkulturele taal," sê sy.

"Eerstens glo ek dat Fanagalo se status herkonseptualiseer moet word. My navorsing het getoon dat Fanagalo 'n funksionele subkulturele taal is."





## Fassinerende feite oor *Fanagalo*

Natasha het haar studie vir haar meestersgraad in één jaar voltooi.

Haar bevindinge het 'n konseptuele model daargestel wat die handhawing van Fanagalo verduidelik. Die model wys dat Fanagalo ten spyte van die gebrek aan institusionele en hoofstroom-ondersteuning in 'n bepaalde konteks bly voortbestaan omdat dit deel uitmaak van die sprekers se mynkultuur.

“Dit maak egter nie deel uit van hul identiteit of kultuur buite die mynboukonteks nie, wat die taal se subkulturele status bevestig.”

Ten spyte van sommige sprekers se negatiewe houdings jeens Fanagalo, leer hulle dit steeds vir nuwe mynwerkers ter wille van doeltreffende kommunikasie, wat belangrik is vanuit 'n veiligheidssoospunt.

“Mens moet onthou dat die mynkonteks veeltalig is, met inbegrip van buitelandse tale, en dit is waarom Fanagalo as lingua franca tussen sprekers van verskillende tale gebruik word.”

Natasha sê die bevinding waaroor sy verbaas was, was dat buitelanders wat in die myne werk, eerder Fanagalo as Engels sal leer, ten spyte van die internasionale aansien en erkenning van laasgenoemde.

Natasha sê die tweede rede is dat die meeste bestaande navorsing oor Fanagalo grootliks linguisties is met betrekking tot struktuur en leksikale kwaliteite. “My navorsing verskaf bewyse oor die houdings en identiteitsaspekte van Fanagalo-sprekers, wat 'n binnekring-beskouing verskaf – iets waarvoor selde indien ooit verslag gedoen word.”

Die derde rede is dat Fanagalo erg gestigmatiseer word deur sommige lede van die bevolking. Sy sê dit is fassinerend om te sien hoe en waarom dit bly voortbestaan.

### **Uitdagings**

Een van die grootste uitdagings wat Natasha moes oorkom, was om toegang te kry tot 'n spesifieke myn naby Rustenburg, presies 'n jaar ná die Marikana-bloedbad wat die lewens van 47 mynwerkers geëis het.

“Ek het geen idee gehad hoeveel beamptes, bestuurders en mensehulpbronnepersoneel ek oor my studie sou moes inlig om toegang te verkry nie.”

Die nodige toegang is uiteindelik aan haar verleen ná ongeveer ses maande van oor-en-weer-kommunikasie. “Maar toe ek eers daar was, was die bestuurders van die myn uiters

akkommoderend en ondersteunend, waarvoor ek steeds baie dankbaar is. Sonder hulle en die deelnemers sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.”

### **Taal en kultuur is haar passies**

Haar liefde vir taal het haar nou geïnspireer om 'n doktorsgraad te doen oor Tsotsitaal, 'n mengsel van plaaslike tale wat hoofsaaklik in townships in die Gautengprovinsie gepraat word.

Sy beplan om ondersoek in te stel na die faktore wat die lewenskragtigheid bevorder van tale wat nie in hoofstroomgebruik is nie.

“Ek beplan om operasionele veranderlikes wat linguistiese lewenskragtigheid dikteer, empiries te toets en te ontwikkel, en weg te doen met 'etno' as 'n sentrale komponent ten einde subkulturele taal te kan akkommodeer.”

Sy beplan om hierdie meetinstrument vir die lewenskragtigheid van subkulturele taal op Tsotsitaal toe te pas.

■ *Etnolinguistiek, ook genoem kulturele linguistiek, is 'n rigting in die linguistiek wat die verhouding tussen taal en kultuur bestudeer. Dit is 'n kombinasie van etnologie en linguistiek.*

# NWU vereer uitnemendheid in joernalistiek



Die NWU het vir die sesde agtereenvolgende jaar die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit Nuusmaker van die Jaar- en Joernalis van die Jaar-toekennings geborg.

- ❖ Die Oscar Pistorius-verhoor is as **Nuusmaker van die Jaar** vir 2014 aangewys.
- ❖ Die **Joernalis van die Jaar**-toekenning is deur 'n *Carte Blanche*-span gedeel. Hulle is mnr Graham Coetzer (foto), me Sasha Schwendenwein (foto) en me Susan Comrie.
- ❖ *Carte Blanche* het ook met die louere weggestap in die kategorie **Redakteur van die Jaar** met mnr George Mazarakis as wenner.

Prof Dan Kgwadi (foto), visekanselier van die NWU, het die toekennings aan die wenners oorhandig tydens 'n spesiale seremonie op 15 Mei 2015 by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se konferensiesentrum.